

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 16, No. 5

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep-Okt 2016 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Erken die oorsaak van probleme

Ons Westerse samelewing is gewoonlik bereid om die feit te erken dat daar baie “probleme” is: Stedelike geweld, opstandige jong mense, gebroke huisgesinne en verbouereerde kinders. Ons slaag gewoonlik nie daarin om die werklike **oorsaak** van die probleem te identifiseer sodat ons 'n realistiese oplossing kan vind nie. Inteendeel, ons moderne benadering tot probleme is om die “simptome” te behandel – sonder om ooit na die ware **oorsaak** te soek. Baie navorsers het byvoorbeeld bevind dat miljoene mense wat in sogenaamde benadeelde gebiede van die wêreld woon, skynbaar dikwels immuun is teen moderne siektes soos kanker, hoë bloeddruk en diabetes. Sommige gemeenskappe van die Stille Oseaan-eilande, waar volke wat in die Hunza Vallei in Asië en elders woon, ondervind *seld*e probleme met kanker, diabetes, ensovoorts. Wanneer “moderne” handelaars en voedselverskaffers egter met roomys, koeldrank en ander “lekkernye” begin opdaag, begin die tempo van hierdie siektes skielik *ontplof!* **Dink!**

Selfs nog meer algemeen as wat nou in die Verenigde State gebeur, is die toename in die aantal **moorde** in sy vername stede. Weereens, **waarom?** Waarom hou ons aan om net die “simptome” te behandel, in plaas daarvan om in die eerste plek, die werklike **oorsaak** van hierdie

probleme te identifiseer?

Om werklik die probleem van die groeiende vlag misdaad in baie van die groot stede van ons nasies op te los, is dit nodig om *meer noukeurig* en met “'n oop gemoed” te kyk na wat ons **Skepper** in Sy geïnspireerde Woord aan ons sê!

Wat ons Skepper beveel

Indien u nie bereid is om te luister na wat die Almagtige God aan u sê nie, dan kan u net sowel *hier ophou lees*, aangesien daar andersins **geen oplossing** vir *enige* van die mens se probleme sal wees nie – noem maar op: Misdaad, gebroke huise, oorloë asook onwettige dwelms.

In Sy geïnspireerde openbaring aan die mensdom, sê ons Skepper: “Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie” (Spreuke 22:6). Weereens sê God se Woord: “Tugtig jou seun, dan sal hy jou rus gee en aan jou siel vreugde verskaf” (Spreuke 29:17).

Die meeste van u sal onmiddellik begryp dat ten einde u kind te kan “oplei”, u moet leer om *sterk huisgesinne* in u gemeenskap te bou – gesinne wat 'n **doelwit** in die lewe het en gewillig is om te luister na dit wat God sê! Andersins is alle pogings vrugtelos!

My vriende, om eerlik te wees, **indien** die

belydende “Christelike” kerke van die Verenigde State [en Suid-Afrika] kragtig en konsekwent die *Wette van God* onderrig het oor hoe *lewensbelangrik* dit vir 'n man en sy vrou is om 'n sterk gesinsverhouding te bou, om bymekaar te bly en om hulle kinders op te voed – sou ons in die eerste plek **nie** die soort probleme gesien het wat hierbo beskryf is nie! As 'n samelewing het ons **misluk** om God se Woord ernstig op te neem. Ons het ons kinders *gefaal*, ons het onself gefaal en ons het ons Skepper gefaal.

Let op wat God aan antieke Israel gesê het. Ons behoort onself dikwels te herinner aan wat die Almagtige God in die Tien Gebooie aan ons openbaar het: “Eer jou vader en jou moeder soos die HERE jou God jou beveel het, dat jou dae verleng mag word en dat dit met jou goed mag gaan in die land wat die HERE jou God aan jou gee. Jy mag nie doodslaan nie. En jy mag nie egbreek nie. En jy mag nie steel nie. En jy mag geen valse getuie teen jou naaste spreek nie. En jy mag nie ... begeer nie” (Deuteronómium 5:16-21). Hy het ook beveel dat hierdie *Wette* en waardes aan ons *kinders* oorgedra behoort te word, van geslag tot geslag, vir ewig (Deuteronómium 6:7).

Indien hierdie kragtige leerstellings uit God se Woord *werklik* in ons samelewing *toegepas was*, sou daar feitlik **geen misdaad** of geweld of gebroke gesinne of enige van

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Erken die oorsaak van probleme

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Hoe sou Jesus vir die president gestem het? 3

Terwyl die Verenigde State in 2016 voorberei het om 'n president te kies, hoe sou ons Verlosser reageer? Hoe behoort ons as Christene op te tree?

Die einde van die wêreld? 7

Is ons na onvermydelike rampe op pad wat ons beskawing tot 'n einde sal bring? Die profesieë uit u Bybel verskaf die antwoord!

Vakansiedae of gruwelike dae? 11

Vanjaar sal miljoene mense Halloween, Allerheiligedag, Allersieledag en die Dag van die Dood vier. Sal u?

Die Nasional droom 17

Die werke van Sy hande 19

Londen roep 21

Die “Normandiese apokalips [openbaring]”

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Keerpunte in wêreldgeskiedenis 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Adam West (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Hoe sou Jesus vir 'n president gestem het?

Deur Roderick C. Meredith

Wie kan die Verenigde State uit die moeras van tuimelende onsedelikheid, onseker ekonomie en die toenemende spanning in die samelewing lei? Hoe sou ons Verlosser opgetree het terwyl die wêreld se supermoondheid voorberei het om 'n president te kies? Hoe behoort getroue Christene op te tree? Hoe behoort onself die verkiesingsproses te beskou?

Voor en na die V.S. se presidensiële verkiesingsproses word die diepe verdeeldheid tussen groepe Amerikaners, wat wyd uiteenlopende standpunte huldig oor wat die nasie behoort te wees, beklemtoon.

Dwarsdeur 'n lang en omstrede presidensiële veldtog, het ons gesien hoe een kandidaat 'n ander een 'n “gevaarlike rassis” noem, terwyl 'n ander kandidaat sy opponent eenvoudig 'n “skelm” noem. Een kandidaat het beskuldigings verwerp dat hy nie oor die mees basiese vaardighede en temperament beskik om van diens te wees nie, terwyl 'n ander kandidaat weggeskram het van beskuldigings dat hy invloed gebruik het om 'n groot persoonlike fortuin uit *Wall Street* en oorsese skenkers op te bou.

Hoewel miljoene die “Bern gevoel” (Demokratiese party kandidaat Bernie Sanders, het in werklikheid meer van die jeug se stemme in 2016 verkry as die kandidaat Barack Obama wat in 2008 gewen het) gehad het, was die opskudding wat hy veroorsaak het nie genoeg om 'n President op te lewer nie. Aan die Republikeinse kant was professionele kenners geskok

om die kandidaatskap van die voormalige goewerneur van Florida, Jeb Bush, so vinnig te sien wankel en misluk, terwyl feitlik geeneen van die “deskundiges” die volharding van die Donald Trump verskynsel voorsien het nie.

Sommige ontleders noem die 2016 verkiesing “*the last shout of the Boomers*”. Die skryfster Clara Bingham wys in haar boek *Witness to the Revolution*, daarop dat die 2016 verkiesing heelwat parallelle met 1968 toon, toe sy in haar eie woorde gesê het dat “Amerika sy verstand verloor en sy siel gevind het” (“*Will 2016 make us witnesses to another revolution?*”, *The Guardian*, 5 Junie 2016). Inderdaad was daar moontlik in geen verkiesing sedert die 1960's, so 'n emosioneel belaaide mengelmoes van idealisme en sinisme, pessimisme en vrees nie.

Hoe dit ook al sy, dit ly geen twyfel dat die 2016 presidensiële verkiesing diep verdeeldheid onder groepe Amerikaners, met wyd uiteenlopende idees van wat hulle nasie behoort te wees, beklemtoon het. Wat sal in die algemene verkiesing gebeur? Sal een kandidaat nuwe kiesers besiel om die politieke landskap

te verander? Sal kiesers deur vrees of hoop gemotiveer word? Sal dit 'n verskil maak? Wat behoort Christene te doen? Indien ons Verlosser voor die huidige keuses te staan sou kom, wat sou Hy gedoen het?

God beveel almal wat op Christenskap aanspraak maak ongetwyfeld daarop om bedag te wees op wêreldneigings, om te “waak” en op die uitkyk te wees vir die tekens van die tye (Lukas 21:34-36). Hy gee ons opdrag om die verkose en aangestelde regeringsamptenare wat in beheer van ons nasies is te respekteer en selfs vir hulle te bid (1 Timótheüs 2:1-4; 1 Petrus 2:17-18). Behoort enigeen van die groot partykandidate aanspraak te maak op die getrouheid van Christene in Amerika? Indien wel, watter een en waarom – of waarom nie?

Maak dit saak? Wat om te doen?

Te midde van al die “beswadering” en die omstrede oor en weer geslinger van beskuldigings, wat behoort ware Christene te doen? Hoe behoort ons op te tree? Die belangrikste van alles, hoe sou Jesus Christus in hierdie polities-gelaaide

atmosfeer opgetree het? Ons almal behoort ware Christene te herken as diegene in wie Christus leef deur die krag van die Heilige Gees. Die apostel Paulus skryf: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20).

'n Ware Christen moet leer om te leef soos Jesus Christus werklik geleef het – nie soos baie mense verkeerdelik **dink** dat Hy geleef het nie. Jesus sê self aan ons: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). Die werklike antwoord oor hoe ons in 'n demokratiese land behoort te leef en te funksioneer word in die Bybel, die geïnspireerde Woord van God, gevind. Ons behoort die “gesindheid” wat in Jesus Christus was te hê (Filippense 2:5). Die Bybel is die openbaring van God se denke – dit vertel aan ons hoe die Vader en Jesus Christus werklik oor die fundamentele kwessies van die lewe dink.

Dwarsdeur die somer van 2016 is Amerikaanse kiesers oorval met versoeke om aan te dring om een of ander kandidaat te ondersteun. Wanneer ons na die individue kyk wat president sou wees, vra ons onself af: “Glo hierdie mense waarlik dat hulle opgewasse is om die wêreld se enigste supermoondheid te lei? Dink hulle dat enige mens vir die taak bekwaam is?”

Waar is God in al hierdie dinge?

Van die begin af het die mens probeer om sonder God se direkte leierskap hulleself te regeer. Die meeste belydende Christene besef nie eers wat Jesus Christus met regering-skap te doen het nie. Daar is baie meer van die “klein Here Jesus in 'n krip” aan hulle vertel as van die Bybelse Jesus Christus, wat nou aan die regterhand van God in die hemel is (Handelinge 7:55-56). Die ware Christus sal binnekort weer as die letterlike Koning van konings oor die hele aarde terugkeer met vorstelike glorie! Vir die meeste mense is hierdie Jesus heeltemal onbekend.

Onthou, min belydende Christene besef dat Jesus se Evangelie oor 'n toekomstige wêreldregering gaan. Een van die slimste Sataniese misleidings wat ooit versprei is, is dat die boodskap van Jesus Christus hoofsaaklik oor *Homself* was. Die beginpunt van ware Christenskap is die aanvaarding van Jesus Christus se gestorte bloed (Romeine 5:8-11) ná die ware bekering van sonde, wat heeltemal te min beklemtoon word (Handelinge 2:38-39). Jesus se *hoofboodskap* – die *Evangelie* wat Hy verkondig het – draai egter om wêreldregering en die bereidwilligheid van elke mens om hulle waarlik aan God te onderwerp en uiteindelik deel van Sy goddelike Gesin te word. Hierdie goddelike regering sal binnekort oor die hele aarde heers (Openbaring 12:5)!

Wie heers oor hierdie huidige wêreld?

Alhoewel baie mense gelei is om te glo dat hierdie nou God se wêreld is, vertel die Bybel iets heeltemal anders aan ons. Die apostel Johannes was geïnspireer om te skryf: “Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie” (1 Johannes 2:15).

Gedurende Jesus Christus se versoeking is Hy na 'n berg geneem en die heerlikheid van al die koninkryke van hierdie wêreld gewys: “En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil” (Lukas 4:6).

Het Jesus vir Satan weersprek en aan hom gesê dat hy nié in beheer van die koninkryke van die wêreld is nie? Nee, Hy het nie. Inteendeel, na aan die einde van Sy bediening het Jesus op hierdie manier van Satan gepraat: “Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word” (Johannes 12:31). Hy het ook gesê: “Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie” (Johannes 14:30).

Later skryf Paulus: “Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat

die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Korinthiërs 4:3-4). Satan die duiwel is die onsigbare heerser – die “god” van hierdie tydperk wat ongeveer 6,000 jaar van die mens se geskiedenis gedek het – sedert die skepping van Adam. Met die Wederkoms van Jesus Christus as Koning van die konings sal hierdie tydperk eindig! God het Paulus geïnspireer om aan ons te openbaar dat Satan “die owerste van die mag van die lug [is], van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk” (Efésiërs 2:2). Dus, die onsigbare geestelike heerser – die *owerste* – oor hierdie wêreld se samelewing, is in der waarheid Satan die duiwel!

Die ware Skepper-God gryp nietemin in wanneer dit nodig is om Sy doel te bereik. In Galásiërs 1:4 onderrig Paulus [die Galásiërs] dat Christus “Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bese wêreld”. Selfsugtige mense wat dink dat hulle alles weet, is eintlik onbewus daarvan dat hulle onder die kragtige invloed van die onsigbare Satan is. Hulle dink dat hulle idees oor die samelewing en oor regering sin maak maar dit is dikwels lynreg in teenstelling met dié van God. God sê: “Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood” (Spreek 14:12).

Satan mislei hierdie wêreld op 'n duisend verskillende maniere! In die boek Openbaring het Johannes 'n geestes-

oorlog in die nabye toekoms voorsien. “En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei [mislei], hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp” (Openbaring 12:9).

God openbaar later aan ons dat Satan aan die begin van Christus se heerskappy in die bodemlose put op aarde gewerp sal word, “sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie” (Openbaring 20:3). Die Bybel maak dit besonder duidelik dat hierdie huidige samelewing aan Satan behoort. Eerder as om werklik na God se wil te soek, is vandag se samelewing op ydelheid, wedywing, misleiding en blatante bedrog gebaseer.

Jesus het aan Pontius Pilatus gesê: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie” (Johannes 18:36). Dit is duidelik dat Jesus geen voorneme gehad het om in politiek en die oorloë van hierdie wêreld betrokke te raak nie. Hy het 'n ander wêreld verteenwoordig, 'n ander regering, naamlik die Koninkryk van God. Daarom sal Jesus definitief nie probeer om hierdie wêreld te herorganiseer en Homself in 'n leuenagtige, onderduimse politieke stelsel onder die invloed van Satan die duiwel te plaas nie!

Opleiding om konings te wees

Die Bybelse Jesus Christus sal moontlik nog in hierdie geslag weer kom om op 'n regte troon in die stad Jerusalem te sit. Sy regering sal oor die hele aarde gevestig word – 'n letterlike regering wat deur die Almagtige God bemaagtig en deur die Koning van die konings en Here van die here regeer word (Openbaring 19:15-16). Wat sal Jesus se volgelinge doen – die ware heiliges van God? “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korinthiërs 6:2-3). In die volgende paar verse gaan Paulus voort om te verklaar hoe die Christene in Korinthe veronderstel was om te leer hoe om God se Kerkregering te beoefen deur probleme korrek onder mekaar “te oordeel”. Van Genesis tot Openbaring is 'n posisie in God se regering altyd deur 'n “aanstelling” gevul – nie deur politiekery of om andersins misleidende beloftes aan mense te maak deur hulle stemme te werf nie. Dit was in hierdie konteks dat Paulus kon sê: “As julle dan alledaagse regsake het, moet julle dié persone daarvoor laat sit wat in die gemeente die minste geag word” (vers 4).

Christene is nou in opleiding om konings en priesters in die toekomstige Koninkryk van God te wees. Jesus sê: “En aan hom

wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het” (Openbaring 2:26-27). Ons behoort dus ons menslike weë en selfsug te oorwin en te leer om nou God se regering te beoefen. Let op na hierdie “gebed van die heiliges” in Openbaring 5:9-10: “Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.” Dit is duidelik dat die ware heiliges van God binnekort heerskappy sal hê – nie bo in die hemel nie, maar op hierdie aarde!

Bestudeer die gelykenis van die ponde in Lukas 19:11-27 noukeurig. Hier word dit uitgebeeld dat Jesus na die hemel sou gaan om Sy Koninkryk te ontvang en dan terug te keer. Wanneer Christus terugkeer beloon Hy Sy dienaars volgens hoe goed elkeen gebruik gemaak het van hulle Godgegewe tyd, talente en wysheid om God te dien. Watter loon het Christus aan Sy getroue dienaars gegee? “En Hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede” (vers 17). Aan die dienaar wat net vyf ponde

verdien het sê Hy: “En jy moet wees oor vyf stede” (vers 19).

Sien u enige aanduiding van politiek of stemmery hier? Glad nie. Intendeel, dit is net nóg 'n ekstra skriftuurlike voorbeeld wat dit vir Christene duidelik maak dat die beste vorm van regering – God se regering – geensins gegrond is op menslike politiekery, kompromie, gekonkel en om vorendag te kom met halfgebakte oplossings vir ons probleme nie.

Jesus sê: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie” (Johannes 18:36). Hy sou Homself sekerlik nie verneder het om deel van hierdie wêreld se verkeerde benadering tot regering te wees nie. Trouens – deur aan ons 'n voorbeeld te stel – het Jesus Christus in Sy menslike bediening nooit enige toenadering gesoek by die menslike leiers van Sy tyd nie, Hom nooit met enige politieke veldtog bemoei nie en **nooit** Sy volgelinge geleer om die politieke landskap te probeer verander of om die menslike regerings van Sy tyd reg te help nie!

Christus sal met Sy Wederkoms verseker met **beslistheid** teen die konings van hierdie wêreld optree: “Maar in die dae van dié konings [dié wat regeer onmiddellik voor Christus se Wederkoms] sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en

daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan” (Daniël 2:44).

Later beskryf God duidelik in Daniel hoe die ware heiliges onder Christus gesag gegee sal word oor al die regerings van hierdie aarde met die Messias se Wederkoms. “Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees” (Daniël 7:27).

Christene en die regerings van vandag

Alhoewel Jesus Christus nie aktief aan die regerings van hierdie misleide wêreld deelgeneem het nie, het Hy aan ons 'n voorbeeld van gehoorsaamheid aan burgerlike wette gestel en om respek aan ampsdraers te betoon. Die Fariseërs het na Jesus gekom om Hom oor die betaling van belasting uit te vra. Hy antwoord: “Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom” (Matthéüs 22:21).

God het Paulus geïnspireer om te skryf: “Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel

Vervolg op bladsy 15

Die einde van die wêreld?

Deur Richard F. Ames

Is ons op 'n weg van onafwendbare kern-, chemiese, biologiese, politieke, militêre en maatskaplike onheil wat die einde van ons beskawing sal beteken? Die antwoord hierop is in u Bybel!

Wetenskaplikes het 'n generasie gelede “globale verkoeling” en die einde van ons beskawing in 'n massiewe nuwe ystydperk gevrees. Vandag het vrese oor die klimaat na aardverwarming verskuif. Baie van u het al 'n gewelddadige natuurlike gebeurtenis soos 'n aardbewing of orkaan beleef of woon selfs in 'n gebied waar kenners sê “die groot een” binnekort verwoesting vir miljoene mense kan bring. Sommige van u wat hier lees kon dalk gedurende die “Koue Oorlogsjare” grootgeword het toe 'n “wedersydse gewisse verwoesting” gevrees is. Die geweldige groot kern-arsenale van die Verenigde State en Rusland sou nie die wêreld werklik veilig hou nie, maar dit kon 'n waansinnige mens aangespoor het om algehele vernietiging van die planeet teweeg te bring.

U mag dalk die rolprent *Dr. Strangelove* onthou, wat probeer het om iets humoristies in daardie verskriklike scenario te vind. U het dalk meer onlangs een van die vele Hollywood “lokettreffers” gesien wat die vernietiging van ons planeet uitbeeld deur 'n asteroïde, 'n komeet, 'n wêreld- wye plaag of 'n “kernwinter” gevolg deur die Derde Wêreld- oorlog. Die rolprentbedryf beskryf dikwels sulke films as “apokalipties”. Waarom? Die term kom van die Griekse woord

apocalupsis en beteken om “oop te maak” of te “openbaar”. Dit is die Griekse titel van die boek Openbaring in die Bybel, wat ook “*The Apocalypse*” in 'n paar ouer Engelse weergawes genoem word.

Die boek Openbaring beskryf 'n groot oorlog waarna baie mense as “Armageddon” verwys. Sal daar werklik 'n “Slag van Armageddon” wees? Sal die planeet Aarde vernietig word? Sal die mensdom daarin slaag om homself te vernietig? U Bybel het die antwoord op hierdie lewensbelangrike vraag!

Die grootste nuusleser en profeet wat nog ooit geleef het, Jesus van Násaret, is deur Sy dissipels uitgevra oor die einde van die wêreld: “En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?” (Matthéüs 24:3).

Natuurlike en onnatuurlike rampe

Die Yellowstone Krater is 'n supervulkaan wat onder die Yellowstone Nasionale Park lê en beslaan 1,500 vierkante myl [3885 vierkante kilometer] in die noordweste van Wyoming. Dit is deel van die geologie wat baie van die park se spuitbronne [geisers] en warmwaterbronne veroorsaak. Baie geoloë verwag

dat dit een of ander tyd binne die volgende 10,000 jaar sal uitbars. Tog is daar onlangs 'n toename in seismiese aktiwiteite naby die krater waargeneem. Wetenskaplikes waarsku dat indien die krater in volle intensiteit sou uitbars, dit vulkaniese as van etlike sentimeters diep, regoor die grootste deel van die weste van die Verenigde State sal versprei. Boerdery sal verwoes word en 'n uitwerking soortgelyk aan 'n “kernwinter” sal die klimaat vir 'n dekade of meer beïnvloed. Behoort ons bevrees te wees?

Regoor die wêreld is aardbewings 'n deurlopende bron van bekommernis. Kom dit meer gereeld voor of is dit eenvoudig net dat met groeiende bevolkings 'n aardbewing van dieselfde intensiteit ernstiger gevolge as in vorige eeue inhou? Sommige reuse aardbewings kan so erg wees dat dit ons planeet se beweging deur die ruimte beïnvloed. Tesame met die astronomiese dodetal – wat meer as 200,000 sterftes was, het die 2004 aardbewing in Sumatra met 'n omvang van 9.1 in werklikheid die rotasie van die Aarde met sowat drie mikrosekondes vertraag! Ander aardbewings saai net eenvoudig dood en verwoesting. Ons onthou die 2010 aardbewing in Haiti wat volgens die Haïtiaanse regeringsrekords, meer as 300,000 Haïtiane se lewens geëis het en meer as 'n miljoen mense

dakloos gelaat het. Die finansiële implikasies van 'n aardbewing kan aansienlik wees. Die eilandnatie van Japan het uiters doeltreffende veiligheidstelsels wat in die dodelike 2011 Tohoku-ramp die dodetal onder 16,000 sterftes gehou het. Skade aan eiendom deur die 9,0 aard-skudding en gevolglike tsoenami is nogtans op meer as \$230 miljard geskat!

Sal natuurrampe toeneem? Sal plaaslike oorloë vermeerder totdat daar 'n Derde Wêreldoorlog en Armageddon is? Wat openbaar Bybelprofesie oor die toekoms? U Bybel openbaar die toekoms van die wêreld. Meer as 'n kwart van u Bybel bestaan uit profesieë, dus behoort ons ag te slaan op wat Jesus aan Sy dissipels gesê het nadat hulle Hom gevra het: “Wat is die teken van u koms en van die voleinding van die **wêreld**?” (Matthéüs 24:3). Hier is Sy antwoord: “Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei. En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pes-siektes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte” (Matthéüs 24:4-8).

Kritici mag dalk sê: “Daar was nog altyd oorloë en natuurrampe”. Dit is waar en dit behoort u iets te vertel: Daardie oorloë was deur mense veroorsaak en die menslike natuur

het nie verander om blywende wêreldvrede te bewerkstellig nie! Daar word gesê dat elke keer wanneer die mensdom een of ander nuwe werktuig of tegnologie ontdek, ons 'n manier sal vind om dit vir bese doeleindes te gebruik. Hetsy dit vuur, buskruit of atoomsplitsing is, die voortdurende waarheid van menslike vooruitgang is dat mense voortgaan om nuwer en meer doeltreffende maniere te vind om mekaar in steeds groter getalle dood te maak.

Enige terugblik op die mens se geskiedenis behoort ons te leer dat na twee wêreldoorloë en heelwat plaaslike oorloë sedertdien, ons op 'n totale wêreldwye ramp afstuur. Gedurende Augustus 2015, het die Japanese volk die 70ste herdenking van die twee atoombomme gedenk wat die stede van Hiroshima en Nagasaki feitlik vernietig het. Honderde duisende mense het gesterf en ander is ernstig beseer waarna die mensdom in die era van atoom en kernwapens ingelui is. Hoe ver het ons in die afgelope 70 jaar gevorder?

Op 22 Januarie 2015, het die *Bulletin of Atomic Scientists* die minuutwyser van hulle simboliese oordeelsdaghorsie twee minute vorentoe na “drie minute voor middernag” geskuif. Die wetenskaplikes het hierdie ontnugterende aankondiging gemaak: “In 2015 hou onbeheerde klimaatsverandering, wêreldwye kernwapen moderniserings en groot kernwapen arsenaal buitengewone en onmiskenbare bedreigings vir die voortbestaan van die mensdom in. Wêreldleiers het gefaal om met die nodige spoed of op die skaal wat nodig is op te tree om

burgerlikes teen moontlike rampspoed te beskerm. Hierdie mislukkings van politieke leierskap stel elke persoon op aarde in gevaar”.

Is daar enige hoop vir die toekoms? Bybelprofesie openbaar dat 'n Armageddon die hele wêreld sal beïnvloed! Ja, ons sal 'n Derde Wêreldoorlog beleef. Daar is egter goeie nuus. Ons dank God dat die grootste profeet wat nog ooit geleef het, Jesus Christus van Násaret, sal ingryp en ons van onself sal red. Hy waarsku ons: “Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Matthéüs 24:21-22).

Ja, daardie dae **sal** verkort word! Jesus Christus sal kom om die wêreld van totale wêreldwye verwoesting en uitwissing te red! Hy sal 'n nuwe wêreldregering instel wat 'n ware millennium van vrede en voorspoed onder nasies sal inlei.

Lê kernverwoesting voor?

Oorweeg weer die bedreiging van kernoorlog wat al vir meer as 70 jaar saam met ons is. Daardie twee bomme wat in 1945 op Hiroshima en Nagasaki afgegooi is, het met die krag van 15 en 20 duisend ton TNT onderskeidelik ontplof en het albei stede totaal *uitgewis* asook in 'n woesteny omskep! Met temperature bo tienduuisend grade Fahrenheit en dodelike bestraling, is meer as 100,000 mense oombliklik dood en 'n verdere honderdduisend of

meer mense het in die daaropvolgende dae aan die gevolge van die twee bomme gesterf.

Hierdie twee kernbomme het die Tweede Wêreldoorlog beëindig. Het die wêreld se nasies, staatsmanne en leiers egter die weg na blywende vrede gevind? Die nasie van Japan het onvoorwaardelik oorgegee en die Tweede Wêreldoorlog beëindig. In sy oorwinningsuitsending vanaf die USS Missouri het Generaal Douglas MacArthur die geskiedkundige les van oorlog opgesom. Generaal MacArthur het hierdie woorde in sy afskeidstoespraak aan die Kongres op 19 April 1951 herhaal. “Militêre alliansies, mags-ewewig, volkebonde, elkeen het op sy beurt misluk en die enigste pad wat gelaat is, is die weg van die smeltkroes van oorlog. Die uiterste vernietiging van oorlog het nou hierdie alternatief geblokkeer. Ons het ons laaste kans gehad. Indien ons nie 'n groter en meer regverdig stelsel bedink nie, sal Armageddon voor ons deur wees”.

Ja, ons “Armageddon” sal voor ons deur wees. Sal u daarop voorbereid wees? Wie sal die Derde Wêreldoorlog wen? Sal 'n ander militêre mag in Europa te voorskyn kom wat Westerse lande in gevaar sal stel, soos wat dit in die Tweede Wêreldoorlog gebeur het? Baie nasies pleeg verskriklike sondes. Die meeste mense ondersteun die gruwel van moord op miljoene ongebore babas en sommige mense verkoop selfs van hulle liggaamsdele vir gewin. Talle nasies het huwelike tussen lede van dieselfde-geslag goedgekeur, dit wat God in Levitikus 18:22 'n

“gruwel” noem! Op wie sal die grootste straf neerkom? Ons het vroeër in Matthéüs 24:21 gelees dat daar 'n unieke tyd in die geskiedenis sal kom – die Groot Verdrukking.

Die Groot Verdrukking sal 'n tyd van straf vir die nasionale en persoonlike sondes van ons Westerse nasies wees, indien ons nie nasionale en persoonlike berou toon nie. God sal daardie nasies straf wat nie werklik vrede soek nie, maar wat afgodediens en alle vorms van boosheid bedryf. Laat ons die werklikheid in die gesig staar! Hoeveel nasies regoor die wêreld word *nie* deur hebsug en gierigheid verteer nie? Trouens, God sê aan ons in Kolossense 3:5-7 om ons gedrag te verander: “Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom, waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het.”

Ja, gierigheid is afgodery. Dit lyk of ons Westerse nasies op materialisme, gierigheid en hebsug floreer. Die boek Jeremia bevat God se kragtige veroordelings oor die antieke huise van Israel en Juda. Gereelde lesers van hierdie tydskrif verstaan dat die moderne nasie van Israel in die Midde-Ooste hoofsaaklik afstammeling van die huis van Juda is en dat die Engelsprekende nasies hoofsaaklik vanuit die huis van Israel kom – spesifiek uit die stamme van Efraim en Manasse, wie se afstammeling in Brittanje, Kanada, die Verenigde State, Australië, Suid-Afrika en Nieu-Seeland gevestig is. Dink aan

hierdie kragtige woorde soos dit deur die profeet Jeremia opgeteken is: “En dit is die woorde wat die HERE gespreek het oor Israel en Juda: Want so sê die HERE: Ons het 'n stem van verskrikking gehoor; daar is vrees en geen vrede nie! Vra tog, en kyk of 'n manspersoon baar? Waarom sien ek elke man met sy hande op sy heupe soos een wat baar, en is alle aangesigte in bleekheid verander? Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word” (Jeremia 30:4-7).

Onthou dat Jakob se naam na Israel verander is nadat hy met die Ewige geworstel het en die oorhand verkry het (Génesis 32:28). Die patriarg Israel het sy naam op die seuns van Josef oorgedra, wat die voorvaders van die Amerikaners en nasies van Britse afkoms is. Die tyd wat uniek in die hele geskiedenis is, die Groot Verdrukking, is die tyd van benoudheid vir Jakob – 'n tyd waaruit u sal wil ontsnap!

Ontslaglike rampe lê voor!

Die ramp-rolprente wat deesdae ons teaters vul, gee slegs 'n **aanduiding** van die ontsaglike rampe wat gedurende die Groot Verdrukking en die Dag van die Here sal plaasvind. Stel u die vulkaniese uitbarstings in Noorden Suid-Amerika voor en al langs die “kring van vuur” in nasies wat aan die Stille Oseaan grens. Stel u die aardbewings en verwoestende tsoenamies voor wat alle vorige rekords oortref. Die asteroïde wat op 15 Februarie 2013 oor Rusland ontplof het, het 20 tot 30 keer die krag van die atoombom gehad wat tydens die Tweede

Wêreldoorlog op Hirosjima gegooi is. Die Bybelse boek Openbaring beskryf in simboliese taal die soort moderne kernoorlog wat in die toekoms miljoene mense op aarde sal vernietig (Openbaring 9:13-18).

Ons behoort die waarskuwing ter harte te neem! Bybelprofesie waarsku ons oor die straf en oordeel wat oor ons nasies sal kom! Hoe kan ons van daardie oordele ontsnap? Eerstens behoort ons 'n gesindheid van bekering te hê. Ons behoort ons sondes te erken, God om vergifnis vra en ons gesindheid en gedrag verander. Indien ons ná aan God is, sal Hy ons beskerm tydens die uitdagende tye wat voorlê. Let op Jesus se opdrag en waarskuwing: "Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. **Waak dan** en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:34-36).

Dit is nou die tyd om in gebed tot God te nader. U behoort u Bybel te bestudeer en op die uitkyk te wees vir die profetiese tekens waarvan Jesus ons gewaarsku het. Onthou die tekens van oorloë, pessiektes en aardbewings wat in Mattheüs 24 voorspel word. Trouens, Lukas praat van "groot aardbewings" in Lukas 21:11! Die aardbewings wat ons nou ervaar gee ons maar net 'n

voorsmaak van die vernietiging wat deur "groot aardbewings" veroorsaak sal word! Ons het reeds die Sumatra aardbewing en tsoenamie bespreek, asook die Tohoku aardbewing – die duurste natuurramp in die geskiedenis! Daar is egter baie meer voorbeelde. Op 8 Oktober 2005 het 'n 7.6 aardbewing in Kashmir, Pakistan, 86,000 mense gedood en 106,000 mense beseer. Ses-honderd-duisend huise is vernietig en drie miljoen mense is dakloos gelaat. Op 12 Mei 2008 het 'n aardbewing van 7.9 omvang meer as 69,000 mense se dood veroorsaak en \$85 miljard se skade in die provinsie Sichuan in China veroorsaak. Die Haiti aardbewing van Januarie 2010 het meer as 300,000 mense se dood veroorsaak, asook honderde duisende mense beseer en meer as 'n **miljoen mense** haweloos gelaat.

Selfs matige aardbewings kan ontsettend skrikwekkend wees, soos wat ek en my vrou ervaar het terwyl ons vir meer as 'n dekade in Kalifornië gewoon het.

Die boek Openbaring verwys na 'n paar ernstige aardbewings wat in die toekoms sal kom. Een van hulle vind plaas in verband met die geprofeteerde hemelse tekens of kosmiese versteurings (Openbaring 6:12-17) en dit word as so kragtig beskryf dat dit selfs eilande en berge uit hulle plek sal skud (vers 14)! Gedurende hierdie tyd sal die Kerk van God – ware, getroue Christene – vir drie-en-'n-half jaar in die wildernis hier op planeet Aarde beskerm word, nie in die hemel nie (Openbaring

12:14-16).

Die Dag van die Here sal 'n tyd wees wanneer God baie kragtig en direk in wêreldsake sal ingryp. Jesus Christus, die Lam van God, sal die nasies vir hulle boosheid oordeel. Ons lees: "... en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" (Openbaring 6:13-17). Geagte lesers, dank God dat u beskerm kan word teen die oordele wat elke nasie, eiland en grondgebied op aarde sal beïnvloed.

Christus sal weer terugkeer om te regeer!

Jesus se dissipels het Hom gevra wat die teken van Sy Wederkoms en van die einde van die wêreld sou wees, maar die werklike vraag was nie oor die einde van die planeet Aarde self nie, maar oor die einde van die era. Die aarde sal altyd bestaan, hoewel dit deur die Almagtige God hernu **sal** word (2 Petrus 3:13). In Openbaring 5:10 maak Hy bekend dat die

Vervolg op bladsy 16

Vakansiedae of gruwelike dae?

Deur Rod McNair

Belaglike maskers en kostuums ... skrikwekkende beelde van rolprent monsters ... lekkergoed skedels en uitgekerfde pampoene ... graf-offers aan die dooies.

Vandag weet die meeste mense dat die moderne fees van Halloween sy oorsprong in antieke tradisies het wat terugdateer tot voor Jesus Christus – maar hulle het geen beswaar teen deelname aan 'n dag wat ewig op morbiede voor-Christelike bygelowe steun nie. Waarom is dit so? Wat behoort dit vandag vir Christene te beteken?

Wat het antieke Halloween vieringe behels? “Die twee hoofeienskappe van antieke Halloween was om vreugdevure aan te steek en die oortuiging dat van alle nagte van die jaar, hierdie nag die besondere nag is waartydens spoke en hekse die heel waarskynlikste buite sou rondswaai ... Verder was dit 'n Druïdiese oortuiging dat Saman, die heer van die dood, op die vooraand van hierdie fees, alle beseie siele bymekaar sou roep wat in die afgelope twaalf maande veroordeel was om in die liggamme van diere te woon” (“Halloween”, *Encyclopaedia Britannica.*, 11de uitgawe, volume 12, bl. 857-8).

Dus, hoe het belydende Christene begin om ou Keltiese gebruike te volg? In 610 n.C. stel Pous Bonifatius IV die Fees van die Allerheilige Martelare in wat jaarliks op 13 Mei gevier word. In 835 n.C. het Pous Gregorius IV

die viering na 1 November verander, 'n datum wat hy as “Allerheiligedag” verklaar het ter ere van martelare wat vir hulle geloof gesterf het. Watter aktiwiteite hou verband met hierdie dag? Selfs vandag nog leef 'n gewilde volkstradisie in sommige Katolieke lande voort waar ontslape geliefdes een keer per jaar op hierdie dag na hulle vorige huise terugkeer, dit staan ook bekend as die “Dag van die Dood”. Die *Mabuhay* tydskrif beskryf 'n kleurvolle tradisie van die Filippyne, waar families “na begraafplase stroom om kerse aan die brand te steek en blomme te offer ... aan familieledes wat hulle verlaat het ... op Allerheiligedag (1 November)” (“*Halloween High Jinks*”, November 1997, bl. 34).

Die fees van 2 November staan bekend as “Allersieledag [*All Souls Day*]” en is ingestel op grond van “die [Rooms-Katolieke] leerstelling dat die siele van gelowiges wat by hulle afsterwe nie van vergeefbare sondes gereinig is of nie boete gedoen het vir oortredings van die verlede en dus nie die salige visie kan bereik nie, gehelp mag word om dit deur gebed en die offer van die mis te bereik” (“*All Souls Day*”, *Encyclopaedia Britannica*, 11de uitgawe volume

1, bl. 709). Dit is veronderstel om 'n proses te wees waardeur die wat in die lewe is seremonies kan uitvoer om die toestand van die ontslapenes op een of ander manier te verbeter.

In Mexiko word “Dia de los Muertos” of “Dag van die Dood” deur familieledes gedenk deur grafte met kerse, gousblomme en die oorledene se gunsteling voedsel te versier, in 'n poging om die ontslape geliefde te oorreed om vir 'n gesinsreünie terug te keer. Let op na hierdie beskrywing van hoe sommige feesgangers hierdie fees vier: “Sommige mense dra skedelmaskers van hout wat bekend staan as *calacas*. Baie gesinne bou altare in hulle huise wat hulle *ofrendas* noem deur foto's, kerse, blomme en kos te gebruik ... Speelgoed en voedsel wat brood en lekkers insluit, word in die vorm van die simbole van die dood, soos skedels en geraamtes gemaak” (“*Day of the Dead*”, *Britannica.com*).

Al hierdie “feeste van die dood” is op dieselfde algemene tema gebaseer: Om te kommunikeer, te paai, te dien en selfs die gestorwenes te aanbid. Is sulke praktyke egter op die Bybel gebaseer? Behoort Christene dit vandag te vier? Wat sê God?

Waar is die ontslapenes nou?

Baie antieke godsdienstige tradisies neem aan dat ontslapenes iewers anders as in die graf is. Talle mense aanvaar dat ontslapenes óf in die hemel, die hel of in 'n soort van tussentydse bewuste toestand verkeer. Tog vertel die Bybel ons duidelik waar die ontslapenes is!

Let op wat die apostel Petrus in sy preek op Pinksterdag gesê het: “Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe ... Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie” (Handelinge 2:29, 34).

Dawid het nie na die hemel gegaan nie! Die apostel Petrus het eeue na Dawid se dood bevestig dat hy nog in sy graf is waar hy na sy dood geplaas is en nog steeds op die opstanding wag! Wat 'n kontras is Petrus se woorde in teenstelling met die misopvatting wat vandag so algemeen onder belydende Christene voorkom, dat die heiliges op hierdie oomblik uit die hemel op ons neerkyk!

Jesus Christus het heel eenvoudig verduidelik: “En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is” (Johannes 3:13). Hy het wel uit die hemel neergedaal en het na die troon van die Vader in die hemel teruggekeer (Johannes 20:17), maar volgens Sy betroubare getuienis, het niemand anders dit gedoen nie!

Wat doen die ontslapenes dan? Die antwoord is nie geheimsinnig of spookagtig nie. Die ontslapenes “slaap” eenvoudig sonder enige bewussyn in hulle grafte, in afwagting om met die opstanding tot opwekking geroep te word. Wat sal gebeur wanneer Christene opgewek word? Die apostel Paulus verduidelik: “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde” (1 Thessalonicense 4:16-18).

Ons kan geweldig bemoedig word indien ons die waarheid oor die dood en opstanding verstaan, soos ons dit in die Bybel leer. Ons hoef nie te bekommer of verward te wees deur vreesaanjaende bygelowe wat deur die “feeste van die dood” aangemoedig word nie.

Kan ons met die ontslapenes kommunikeer?

Indien die ontslapenes sonder bewussyn in die graf is – nie wakker as liggaamlose geeste in die hemel of elders nie – kan ons met hulle kommunikeer? Op die “Dag van die Dood”, keer ontslape familieledede werklik na hulle lewende familie terug, soos sommige mense glo? Wat sê die Bybel?

Salomo verduidelik: “Want

die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie” (Prediker 9:5). Terwyl die regverdige koning Dawid uitgeroep het om van gevaar gered te word, het hy God herinner: “Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk” (Psalm 6:6). Salomo en Dawid het albei verstaan dat mense ophou om 'n bewustheid te hê wanneer hulle sterf.

Die Bybelse weergawe van koning Saul se séance verwar soms toevallige lesers wat wonder oor die bestaan van geeste na die dood. Met die eerste oogopslag mag 'n mens dalk dink dat 'n medium die gees van Samuel op versoek van koning Saul opgeroep het (1 Samuel 28:8-15), maar het die medium regtig vir Samuel teruggebring? Die Skrif verduidelik dat Saul “begryp” het dat dit Samuel was (vers 14). Die medium se beskrywing was eenvoudig van “'n ou man ... met 'n mantel om” – vermoedelik 'n onrein gees wat in 'n vorm baie soos dié van Samuel verskyn het. Die Skrif toon dat leuenagtige geeste wel uitgaan om mense te mislei, soos hierdie een wat probeer het om Saul te mislei (1 Konings 22:22-23).

Ja, die Bybel toon duidelik dat ons nie met die ontslapenes kan kommunikeer nie. Hulle is nie bewus van lekkernye of offers wat na hulle grafte gebring word nie. Hulle hoor nie en trek geen voordeel uit gebede wat tot hulle of namens hulle gebid word nie.

Aan die ander kant sien ons

daarna uit om ons geliefde vriende en familie in die opstanding te sien! Dit is sekerlik reg om die nagedagtenis van 'n ontslape familielid of vriend by 'n begrafnisdiens te eer, veral ter wille van die treurende familie. Ons “eer die nagedagtenis” van ons ontslape ouers en groot-ouers, nie deur snuisterye op hulle grafte te plaas of om te hoop dat ons elkeen se gees in ons huis kan verwelkom nie, maar eerder om hulle opbouende opdrag en voorbeeld te volg en die goeie naam te eer wat hulle gedurende hulle leeftyd tot stand gebring het.

Net goeie, skoon pret?

Sommige mense mag dalk sê: “Ek glo nie in al hierdie hokuspokus nie”, maar. “ek hou net daarvan om pret op 'n vakansiedag te hê”. Is daar inderdaad iets verkeerd met die Halloween kostuums wat ons in lande soos die moderne Amerika sien? Kan daar enigsins 'n probleem wees met kostuumpartytjies, bangmaakstories en om lekkernye bymekaar te maak? Behoort ons plastiese battery-aangedrewe “spoke” af te keur wat verbygaande kopers in winkels aangluur? Per slot van sake neem niemand deesdae al hierdie “bangmaak-onsin” ernstig op nie, of hoe?

Hierdie benadering is heel moontlik self deel van die probleem. Die geesteswêreld behoort ernstig opgeneem te word. Dit is werklik en gevaarlik vir die onopmerksame persoon. Tog word die gevare van die okkult dikwels tot die status van

'n verspote speletjie verklein, so asof ons skadeloos kan saamspeel sodat ons maar net “in die gees daarvan kan kom”!

Miljoene mense probeer sekerlik om presies net dit te doen. Selfs die deskundige in huisversiering, Martha Stewart, gee raad oor hoe om u voorste grasperk met flikkerende pampoene te versier en sodoende 'n spookagtige omgewing vir die plesier daarvan te skep. Sy gaan voort om te verduidelik: “Die opwinding van Allerheilige-aand is in die lug, die atmosfeer is met beelde en klanke en vrese gelaai wat deel van die nag uitmaak ... Wat ons wil bereik is om die vakansiedag se blink fosforagtige geeste in hulle eie spel te wen, om hulle bedreiging te verdryf met behulp van dieselfde verbod van dartelende oranje en inkswart skaduwees wat hulle gebruik om ons bang te maak”. (*Halloween: The Best of Martha Stewart Living*, bl. 11-12).

Vir diegene wat met 'n vleismes vaardig is, beskryf die skrywer Tom Nardone in sy boek, *Extreme Pumpkins: Diabolical Do-It-Yourself Designs to Amuse Your Friends and Scare Your Neighbors* “ontwerperspampoene” wat mens self kan skep. Nardone bied aanwysings vir die skep van ontwerpe soos: “Mensvreterpampoene”, “My-kop-is-aan-die-brand-pampoene”, “Breinchirurgie-pampoene”, “Doodgeskokte-pampoene”, “Verdrink-in-'n-sak-pampoene”, “Skedel-pampoene”, “Bloedge vulde pampoene” en “Sataniese pampoene”.

Hierdie wenke deur Stewart en Nardone is almal grappig en “tong-in-die-kies” – maar behoort dit so ligtelik opgeneem te word? God openbaar dat daar 'n werklike geestelike wese is wat as die duivel bekend staan. Dit is nie 'n onbeholpe duivel met 'n tuinvurk nie. Inteendeel, die duivel is 'n magtige, haatlike wese wat die hele wêreld mislei het (Openbaring 12:9) en wat een derde van al die engele verlei het om saam met hom teen God in opstand te kom (Openbaring 12:4). Jesus Christus het gesien dat Lucifer uit die hemel neergewerp is (Lukas 10:18). Die bose engele wat Lucifer in sy opstand gevolg het – wat demone geword het – word as bese geeste en onrein voëls beskryf (Openbaring 18:2).

Hoe sê God behoort ons Satan te beskou? Hy sê ons nie aan om verspote, spookagtige speletjies te speel wat deur interaksie met die geesteswêreld die spot dryf nie. Hy sê nie aan ons om moderne weergawes van antieke Druïdiese rituele op te voer nie. Hy sê eerder “weerstand die duivel en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God en Hy sal tot julle nader” (Jakobus 4:7-8). God gee ons raad om bewus te wees van die duivel se planne, sodat ons sy strikke kan vermy (2 Korinthiërs 2:11). Die Skrif herinner ons daaraan dat Christene in 'n stryd gewikkel is “teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug” (Efésiërs

6:12).

God se weë of heidense boosheid?

Halloween vier goddeloosheid. Dit word as 'n tyd beskou om “alle inhibisies oorboord te gooi” en “alle reëls op te skort”. Die Skrywer Hugo Slim herinner ons: “Halloween behou nog steeds baie van die ou voor-Christelike speletjies en rituele as deel van die feesvieringe. Speletjies wat appels, kostuums en vergelding omvat, word steeds elke Halloween deur kinders geniet” (*Feast of Festivals*, bl. 176). Hy gaan voort om te sê: “Die kamoeflering wat deur fantasiekostuums en pampoenlanterns verskaf word bied die volmaakte dekmantel waaronder met 'n vyand afgereken kan word. Halloween het daarom 'n onvermydelike en aanvaarbare tyd geword om ou geskille te besleg deur op iemand wraak te neem deur die antieke gebruik van *'trick or treat'*, 'n spel wat deesdae uiters gewild onder baie kinders is” (bl. 177-178).

Keur God egter hierdie soort feeste goed? Die apostel Petrus verduidelik dat Christene die lewenswyses wat met God se manier teenstrydig is, behoort prys te gee: “Want dit is genoeg dat ons die afgelope lewenstyd die wil van die heidene volbring het deur te wandel in ongebondenheid, begeerlikheid, dronkenskap, brasserye, drinkpartye en ongeoorloofde afgoderye” (1 Petrus 4:3). Ons behoort liewer te fokus op “alles

wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit” (Filippense 4:8). Die onreine en oproerige oorsprong van Halloween is nie versoenbaar met God se opdragte aan Christene nie.

Interessant genoeg het sommige geskiedkundiges 'n skakel tussen die antieke “Dag van die Dood” se gebruike en die vernietiging van die heidense en losbandige generasie van Noag se tyd gesien. Noag se vloed begin in die “tweede maand, op die sewentiende dag van die maand” (Génesis 7:11). Een jaar later, in die tweede maand, op die sewe en twintigste dag het Noag uit die ark uitgegaan (Génesis 8:14-16). Indien ons die tyd van Noag se vloed volgens die Joodse siviele kalender bereken, sou die sewentiende dag van die tweede maand iewers tussen die einde van Oktober en vroeg in November wees. Soos die skrywer Frederick Filby opmerk, “Dus het die ou wêreld vergaan en 'n jaar later het 'n nuwe era in dieselfde maand begin. Albei hierdie feite is onuitwisbaar in die geheue van die mensdom vasgelê. Vir baie mense reg rondom die wêreld bring November die Dag van die Dood. In 'n aantal antieke en primitiewe kalenders bring November ook 'n nuwe jaar op 'n tyd wat nie 'n sonstilstand of 'n nag-ewening of astronomiese gebeurtenis bevat om dit te

regverdig nie” (*The Flood Reconsidered*, bl. 106-107).

Die geskiedkundige Alexander Hislop het die skeepsreis van Osiris as 'n korrupte weergawe van God se redding van Noag geïdentifiseer en verbind dit met ongeveer dieselfde tyd: “Die tyd wat Osiris 'in sy kis opgesluit was' en daardie kis drywend op die water gelaat was soos Plutarchus beweer, stem presies ooreen met die tydperk wat Noag die ark binnegegaan het. Daardie tyd was 'die 17de dag van die maand Athyr, toe die oorstrooming van die Nyl opgehou en die nagte langer en die dae korter geword het” (*The Two Babylons*, bl. 136).

Indien die tydsberekening van die Vloed egter volgens die Joodse heilige kalender getel word (wat in die lente begin het), sou dit iewers in die middel tot laat Mei plaasgevind het; na aan die datum wat oorspronklik vir die “Fees van al die Heilige Martelare” gekies is. Soos John Garnier in *Worship of the Dead* geskryf het: “In Rome ... in meer antieke tye, het die mense geglo dat die 'fees van die geeste', die siele van ontslape vriende is. Dit was 'Lemuria' genoem en is op 11 Mei gevier. Dit was ook die sewentiende dag van die tweede maand van die jaar op daardie tyd” (bl. 6).

Gaan “Dag van die Dood” vierings verder terug in antieke tyd as wat ons moontlik mag vermoed – selfs moontlik tot by die vernietiging van 'n oproerige en gewelddadige samelewing?

Vervolg op bladsy 26

Vervolg vanaf bladsy 6 – Hoe sou Jesus vir 'n president gestem het?

ontvang” (Romeine 13:1-2). Paulus verduidelik verder: “Want daarom betaal julle ook belasting; want hulle is dienaars van God wat juis hiermee voortdurend besig is. Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is: belasting aan die wat belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom” (verse 6-7).

Paulus sê ons aan om vir diegene in gesagsposisies te bid. “In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid” (1 Timótheüs 2:1-2).

Ware Christene – waaruit die Kerk bestaan (Grieks *ekklesia*, letterlik die “uitgeroepenes”) – is soos buitelandse ambassadeurs. “Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus” (Filippense 3:20).

'n Aantal jare gelede het ek die geleentheid gehad om as adjunk-kanselier van 'n klein kollege naby Londen, Engeland waar te neem. Uit hoofde van my posisie en ander verantwoordelikhede het ek 'n aantal belangrike byeenkomste in Londen en aan huis van die V.S. se ambassadeur in diens van Haar Majesteit se regering bygewoon. By twee van hierdie geleenthede het ek die Ameri-

kaanse ambassadeur ontmoet.

Dit word van die V.S. ambassadeur in Brittanje verwag – trouens van enige regerings-amptenaar – om aan die wette van die land waarin hulle woonagtig is gehoorsaam te wees, om die owerhede te respekteer en eer te betoon aan wie eer toekom. By die twee geleenthede wat ek *Winfield House*, die ambassadeur se woning besoek het, is 'n heildronk op die Koningin ingestel. Almal het opgestaan en hulle glase ter ere van die minsame dame wat steeds die vors van die Britse volk is gelig. By elke geleentheid het die V.S. se ambassadeur – Elliot Richardson in die een geval en Walter Annenberg in die ander geval – in die heildronk gedeel. Om hierdie soort respek aan diegene wat in gesagsposisies is te betoon, weerspieël duidelik die gesindheid wat God van ons almal wil hê. Dit word sekerlik van ons verwag om ons belasting te betaal en al die landswette te gehoorsaam, solank as wat dit ons nie verplig om God se Wet teë te gaan nie. Indien een of ander totalitêre regering ons ooit sou probeer verplig om ongehoorsaam aan die hoër Wette van die Almagtige God te wees, dan behoort ons die geïnspireerde voorbeeld van die Apostels te volg, soos hulle gesê het: “Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense” (Handelinge 5:29). Selfs al sou ons dan besluit om in daardie land aan te bly, behoort ons

bereid te wees om enige boete of straf te dra wat sodanige owerhede aan ons mag oplê en in geloof op te sien na God om vir ons te sorg (vgl. Daniël 3).

Soos Paulus skryf, ons is “gesante [ambassadeurs] vir Christus” (2 Korinthiërs 5:20). Ons behoort met liefde en respek teenoor alle mense op te tree – met inbegrip van dié in politieke gesagsposisies. Ons moet egter altyd onthou dat ons uiteindelijke burgerskap nie in of van die regering van hierdie Satan-geïnspireerde samelewing is nie! Hoewel ons ander mense behoort te dien en op 'n individuele basis aan hulle goed te doen, kan en mag ons nie met militêre of politieke pogings gemoeid raak om Satan se misleide wêreld te herorganiseer of op te ruim nie. Die hele stelsel is **nie** God se stelsel nie! Hy laat net misleide mense toe om hulle eie gang te gaan en met verskillende regeringstipes gedurende hierdie huidige 6,000 jaar van die menslike bestaan te eksperimenteer.

Paulus skryf: “Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Béliel, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?” (2 Korinthiërs 6:14-15). Wanneer Hy na die godsdienst-politieke stelsel verwys wat die grootste deel van die ontwikkelde wêreld ten tye

van Jesus Christus se Wederkoms sal oorheers, beveel God Sy mense: “En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie” (Openbaring 18:4).

Wat sou Jesus in die 2016 V.S. verkiesingsjaar gedoen het? Hy sou so besig gewees het met die verkondiging van die goeie nuus van die toekomstige Koninkryk van God dat Hy *geen tyd* sou hê vir politiekery, stemmery of deelname aan enige groepe wat druk uitoefen om Satan se wêreld op te ruim nie. Hy sou weet dat menslike pogings om die wêreld te red – alhoewel dit dikwels goed bedoel is – tot mislukking gedoem is, omdat dit onder Satan se heerskappy is en deel van sy stelsel vorm wat God Self “Babilon” noem (Openbaring 14:8). Hy sou weet dat dit God die Vader is wat volgens Sy

eie wil konings aanstel en hulle weer verwyder om Sy doel op aarde uit te voer (Daniël 2:21). Dit word nie van Christene verwag om God se wil in hierdie sake te bevraagteken of om dit selfs teë te werk nie.

Die opdrag en roeping van alle ware Christene is om die weg te help voorberei – as gesante aan die voorpunt – vir die Koninkryk van God, die letterlike regering wat die lewende Jesus Christus binnekort tot stand sal bring. Dit sal al die misleide menslike regerings van hierdie aarde vervang. “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid!” (Openbaring 11:15).

Wanneer die spesifieke **eindtydse** gebeure soos geprofeteer in die Skrif – God se

geïnspireerde Woord – begin om oral om ons plaas te vind, behoort ons ernstig te verstaan dat Christus se naderende regering 'n **werklikheid** is! Namate die Amerikaanse dollar uiteindelik in waarde tuimel, namate die Amerikaanse en Britse aansien regoor die wêreld bly afneem en die Almagtige God voortgaan om [ons] “trotse mag” te **verbreek** (Levitikus 26:19), beter ons besef dat Christus werklik binnekort weer sal kom! Ons behoort ook **werklik** te verstaan dat alles rondom ons spoedig gaan **verander**. Wanneer ons werklike fokus op daardie vernaamste feit is, kan ons uiteindelik “al ons kragte inspan” in ons voorbereiding om oorwinnaars te wees (Openbaring 2:26) en om ons deel te doen om voor te berei om die terugkerende Jesus Christus werklik by te staan om oor hierdie aarde te **regeer** – op God se manier! **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 10 – Die einde van die wêreld?

geestelike bestemming van die heiliges sal wees om “konings en priesters vir onse God gemaak [te word], en ons sal as konings **op die aarde** heers.” **Die hemel is nie ons beloning nie!**

U Bybel openbaar die profetiese gebeure wat sal lei tot die Wederkoms van Christus om oor alle nasies te regeer. Die Prins van Vrede sal 'n regverdige wêreldregering oor al die nasies vestig. Ná Armagédon is daar goeie nuus! Wêreldgeskiedenis het getoon dat die mensdom nie die weg na

vrede ken nie. Die Vredevors sal egter al die nasies die **Weg** na vrede leer. Die belangrikste is dat die menslike natuur verander moet word. Generaal Douglas MacArthur het besef dat die menslike karakter die belangrikste kwessie is: “Ons het ons laaste kans gehad. Indien ons nie 'n groter en meer regverdige stelsel kan bedink nie, sal ons Armagédon voor ons deur wees. Die probleem is basies teologies van aard en behels 'n geestelike oplewing en verbetering van die menslike karakter wat met ons bykans

weergalose vooruitgang in wetenskap, kuns, literatuur en alle materiële en kulturele ontwikkelings van die afgelope tweeduisend jaar sal kan sinchroniseer. Dit moet van die gees wees indien ons die vlees wil red”.

Trouens, die geskiedenis van die wêreld het getoon en die Bybel voorspel dit, dat sonder God se voortdurende leiding, die mensdom homself en alle lewe op aarde sal vernietig! Ná Armagédon sal die Vredevors – Jesus Christus – die wêreld egter red en Hy sal aan al die

Vervolg op bladsy 26

Die Nasionale droom

Deur Lawrence Hartshorne

Een van die interessantste en uitsonderlikste prestasies in die Kanadese geskiedenis het tussen 1871 en 1885 plaasgevind, binne twee dekades na Kanada se Konfederasie in 1867: Die konstruksie van die *Canadian Pacific Railway (CPR)* oor die hele vasteland om oostelike Kanada met sy nuutste provinsie, Brits Columbië, aan die Stille Oseaan se kus, te verenig. Vandag neem ons hierdie spoorlyn as vanselfsprekend aan, maar daardie tyd het dit geblyk die kragtigste, mees toegejuigde en moontlik die waaghalsigste onderneming ooit te wees. Die Kanadese skrywer, wyle Pierre Burton, het waarskynlik die omvattendste verslag oor hierdie prestasie in sy stel van twee bundels geskryf, *The Canadian Dream* en *The Last Spike* (McClelland en Stewart Ltd, Toronto, 1970).

'n Duidelike visie

Mnr. John A. Macdonald – Kanada se Konserwatiewe leier, “Vader van die Konfederasie” en eerste Eerste Minister – het 'n duidelike visie gehad van wat hy in gedagte gehad oor hoe Kanada moet wees. Dit was 'n Nasionale droom om Kanada vanaf die Atlantiese Oseaan tot die Stille Oseaan uit te brei. Met Konfederasie het Kanada uit die vier provinsies van Ontario, Quebec, New Brunswick en Nova Scotia bestaan, met Manitoba en Prince Edward

Eiland wat kort daarna in 1870 bygevoeg is. Die res van die Kanadese vasteland het uitgestrekte grasvlaktes ingesluit, sowel as die noordelike en Arktiese gebiede – 'n ontsaglike groot wildernis wat yl bevolk was, hoofsaaklik deur inheemse en Metis-volke. Die Brits Columbië kolonie was aan die weskus gevestig.

Macdonald en andere het die gevaar van Amerikaanse invalle in dié streke bespeur en het besluit om dit te blokkeer deur Brits Columbië te nooi om by Kanada aan te sluit en om immigrante uit Oos-Kanada en Europa in die grasvlaktes te vestig. Om Brits Columbië in die Konfederasie in te lok, het die regering aanvanklik 'n wapad beloop om die twee streke te verbind, dit is vinnig verander na 'n belofte om 'n spoorlyn te bou wat die weste met die ooste sou verbind om sodoende die grasvlaktes te bevolk. Selfs nog voordat daar met konstruksie begin is, het teenkanting in die regering en onder die publiek ontstaan. Die Liberale opposisie-leier, Alexander Mackenzie, het in 1871 daarna verwys as “'n daad van waansinnige roeke-loosheid” (*The National Dream*, bl. 6).

Die Amerikaners het reeds in 1869 hulle soortgelyke kontinentale spoorlyn van St. Louis na Kalifornië gebou, wat met die reeds bestaande verbindingslyne in die ooste verbind is. Die *Canadian Pacific Railway*

was bestem om die langste spoorlyn ter wêreld te word, totdat die Trans-Siberiese lyn in 1925 in die Sowjet-Unie gebou is en bewys het dat dit 'n uiters moeilike onderneming is.

Kanada was 'n nuwe nasie wat uit 'n tiende van die bevolking van die Verenigde State bestaan het, hulle het 'n baie kleiner industriële en finansiële basis gehad om mee te werk en 'n ekonomie wat hoofsaaklik op natuurlike hulpbronne gefokus was. Die omgewing het ook eindelose uitdagings en afskrikmiddels opgelewer. Die massiewe Kanadese Skild van Noord- en Wes-Ontario en 'n gedeelte van Manitoba – 'n massiewe streek van rotse – het vordering vertrap en konstruksiekoste opgejaag. Die Skild is al beskryf as 'n bykans ondeurdringbare massa rotse, mere en vlei-agtige moerasse, sowel as muskiete. Die strawwe Kanadese winter het werk uiters moeilik gemaak en het dikwels tot die noodwendige verandering en herbelyning van die spoorlyn gelei. Ernstige ongelukke en teëspoed wat dikwels deur swak oordeel aan die kant van die konstruksie-ingenieurs en die bestuur veroorsaak is, het tot groot lewensverlies en die verlies van toerusting gelei nog voordat dit verby die Skild gevorder het (*ibid.* bl. 283fols).

Die moeisame pad

Die grasvlaktestreek wat van die

res van die nasie afgesny was, het sy deel aan probleme opgelewer, alhoewel die werk vinniger gevorder het. Voorrade, met inbegrip van spoorstawe en hout vir verbindings, stutte en brûe, moes vir honderde kilometers vanaf Winnipeg, na die punt van die spoorlyn in die weste verskuif word. Verder na die weste het verskeie versperings van die Rockies en bergreekse massiewe hindernisse in die vordering veroorsaak, veral op die lyn wat van Nieu-Westminster (Vancouver) na die ooste begin is, in die verraderlike Fraservallei. Honderde, selfs duisende lewens is in ongelukke verloor, vernaamlik as gevolg van die nalatige hantering van plofstof – veral nitrogliserien.

Macdonald se regering het teen 1873 in skande verval as gevolg van knoeiery, begunstiging en korrupsie ten opsigte van die spoorlyn. Kontrakte wat aan vriende en familie toegeken is het selde gedien om deeglike konstruksie te bevorder. Twyfelagtige ooreenkomste en goedkoop boumateriaal het winste in persoonlike welvaart verander. Macdonald en sy regering het in onguns verval waarna hulle in 1873 uitgeforsier en deur 'n Mackenzie Liberale regering vervang is.

Ongelukkig vir die CPR en Kanada, het Mackenzie bewys dat sy regeringstydperk van 1874-1878, net so korrup soos dié van Macdonald was en ten opsigte van die spoorlyn selfs nog minder doeltreffend. Sy regering het na 'n letterlike vuisgeveg met die Konserwatiewes in die Parlement in duie gestort, wat onder Mac-

donald weer die uitdaging vir die voltooiing van die spoorlyn na die weste aanvaar het. Die gekibbel en debattering oor die hele idee van die spoorlyn het steeds onafgebroke voortgevoed, kostes het met miljoene toegeneem en die dood van duisende werkers het aangegaan.

Oorwinning het egter gevolg namate kilometer vir kilometer van die spoorlyn sorgvuldig deur die wildernis gelê is; brûe en tunnels is gebou en dorpe gevestig. Op 7 November 1885 het Donald A. Smith, die oudste direkteur van die CPR, die laaste spyker ingeslaan in die wildernis by Craigellachie, Brits Columbië, oos van Meer Shuswap wat die Oostelike en Westelike lyne van die CPR verbind het.

Die Nasionale droom en visie vir Kanada, waaraan daar hardnekkig deur een man en sy volgelinge vasgeklou is, het uiteindelik geslaag ten spyte van byna onoorkomelike teëspoed, skandale, finansiële implikasies en die ineenstorting van 'n regering. Dit het Kanada die versekering van 'n blink toekoms gegee, het van die Atlantiese Oseaan tot by die Stille Oseaan gestrek en so die land verenig en bevolk met setlaars, plase en stede vir nywerhede. Dit het vir Kanada die weg gebaan om 'n suksesvolle, moderne nasie te word.

'n Visie van die toekoms

Die bou van die *Canadian Pacific Railway* was die gevolg van 'n groot visie – een wat Kanada op die pad gehelp het om sy rol in God se beplanning vir die wêreld te vervul. In die

verloop van die vervulling van die visie is lewens verloor, sommige mense is onregverdig behandel en ander het hulleself onregmatig verryk. Dit is ongelukkig die huidige stand van die wêreld. Selfs die mees idealistiese menslike leier kan nie 'n volmaakte wêreld tot stand bring nie.

Visie is nogtans 'n kritieke element om dinge gedoen te kry en mense te motiveer om daarna te streef en dit te bereik wat sommige mense as onmoontlik mag beskou. Dit vervul 'n baie menslike behoefte: “As daar geen openbaring [visie] is nie, word die volk bandeloos” (Spreuke 29:18). Leierskap wat 'n groot en positiewe visie van 'n beter wêreld bevorder, skep hoop en energie. 'n Mens kan nêrens 'n meer positiewe visie van 'n beter wêreld vind as in die profesieë wat God geskryf en in die Bybel bewaar het nie. Hier vind ons 'n visie van 'n wêreld wat onbeskryflik vreedsaam, produktief en gelukkig is met alle dinge wat *sonder* korrupsie bereik word, maar deur nakoming van 'n volmaakte stel Wette – God se eie Wette. Daardie visie sal tot voltooiing deurgesien word deur die onomkoopbare Seun van God, Jesus Christus! In teenstelling met Macdonald se visie vir Kanada wat slegs van kus tot kus kon strek, leer die Skrif ons dat Christus se visie *grensloos* sal wees: “... tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sal daar geen einde wees nie” (Jesaja 9:6).

Die aankondiging van hierdie visie is die missie van die *Wêreld van Môre!* **WvM**

Die werke van Sy hande

Klein voëltjie, groot wonderwerk!

Deur Wallace G. Smith

Ek onthou nog my eerste werklike ervaring met suikerbekkies [hummingbirds]. My vrou het 'n suikerbekkie-voerder aan 'n paal agter ons huis gehang en na 'n paar dae het dit gelyk asof die lug van die klein voëltjies wemel. Een voëltjie het duidelik probeer om die ruimte te oorheers en die ander van die voerder af weg te jaag, maar die ander twee of drie het aanhou terugkeer vir meer en kort voor lank was daar omtrent 'n "suikerbekkie-oorlog" aan die gang!

Een middag het ek die geleentheid gehad om gedurende een van hierdie oordrewe sessies, stadig treetjie vir treetjie nader en nader in die rigting van die voerder te beweeg. My versigtige benadering het my daarin laat slaag om myself reg in die middel van die aktiviteit te plaas. Dit was 'n ongelooflike ervaring. Die spoed en ratsheid van hierdie klein voëltjies – wat nie langer as 5 cm of so is nie – terwyl hulle zoem en gons rondom my kop, was ongelooflik om te aanskou. Die wyse waarop hulle met 'n baie vinnige spoed kan vlieg, in 'n breukdeel van 'n sekonde van rigting kan verander en selfs in die lug kon hang, het hulle soos akrobate van die lug laat

voorkom.

Hierdie wonders van God se ontwerp mag dalk klein voëltjies wees, maar hulle is groot wonderwerke! Kom ons oorweeg vir 'n oomblik die unieke, goddelike ingenieurswese wat die Skepper tot stand gebring het om hierdie pragtige juweel van die voëlwêreld – die suikerbekkie – te skep.

Vlerke soos geen ander nie

Eerstens, hoe is die suikerbekkie in staat om sulke akrobatese toertjies in die lug uit te voer? Hou een voëltjie vir 'n paar oomblikke dop. U sal sien dat hulle nie net in die lug kan hang nie, maar hulle kan in *enige* rigting beweeg – vorentoe, agtertoe, regs, links, op of af – sonder om hulle lyfies te draai. In 'n oogwink kan hulle van heeltemal bewegingloos in die lug hang, wegswiep tot teen 96 km per uur die lug in.

Die onmiddellike ontwerp-element wat vir hierdie merkwaardige vermoëns verantwoordelik is, is die suikerbekkie se unieke vlerke.

Die meeste voëls het vlerke wat by die skouer, elmboog en pols kan buig sodat die vlerk kan vou wanneer die voël dit oplig en dan uitsprei sodra die voël se vlerk teen die lug stoot. Ons sien

hierdie klapbeweging by feitlik alle voëls in die lug, van die mossie tot die arend. Net nie by die suikerbekkie nie!

Die suikerbekkie se elmboog en pols buig nie en vorm daardeur 'n stywe werwel vir die vlerk. Die voëltjie se skouer is egter ongelooflik soepel en neem sy vlerk deur 'n unieke "syfer agt" beweging, vorentoe en agtertoe deur die lug, soos 'n swemmer sy kop bo water hou. Al kan die pols nie soos dié van ander voëls buig nie, is dit ontwerp om dramatiese te kan roteer, sodat die vlerk byna 180° met elke beweging kan draai. Hierdie verskille in ontwerp lei tot 'n vlerk wat spesifiek ontwerp is om aan die suikerbekkie kragtige dryfkrag met elke enkele "swiep" van sy vlerke te gee – heen en weer, heen en weer – in teenstelling met die meeste voëls wat net stukrag met hulle afwaartse hale genereer.

Waarom suikerbekkies 'n hum-geluid maak!

Tog, die ongewone ontwerp van sy vlerkslae sou nie genoeg wees om die suikerbekkie sy merkwaardige vermoëns te gee indien hulle vlerke nie vinnig kon beweeg nie – hulle klap dit *uiters vinnig*. In werklikheid is dit

gemeet en hulle vlerke klap 50-80 keer per *sekonde!* Ons noem hierdie voëls in Engels *hummingbirds* as gevolg van die kenmerkende “*hum*” geluid wat deur die driftige beweging van hulle klein vlerkies veroorsaak word.

Wanneer 'n voëltjie sy vlerke 20 keer in 'n breukdeel van 'n sekonde klap duur dit slegs 'n oogwink en hy moet 'n ondersteuningstelsel hê wat krag sowel as energie op hierdie merkwaardige wyse verskaf. Dit het byvoorbeeld 'n hoër proporsie van spierspasma wat aan vlieg gewy is in vergelyking met ander voëls en daardie spiere beskik oor die verhoogde vermoë om brandstof in energie om te skep vir beweging oor lang tydperke. Die *ruby-throated hummingbirds* migreer in der waarheid twee keer per jaar duisende kilometers tussen Kanada en Panama; 'n reis wat 'n ononderbroke afstand van 800 km oor die waters van die Golf van Mexiko insluit.

Die hoeveelheid energie wat benodig word om sulke prestasies te vermag is enorm. Daar word beraam dat indien die energiebehoefte van die suikerbekkie opgeskaal sou word tot 'n wese so groot soos 'n mens sou daardie wese ongeveer 155,000 kalorieë per dag moes nodig hê te verbruik – die ekwivalent van meer as 600 hamburgers per dag!

Vir so 'n gulsige eetlus verkry die suikerbekkie byna al sy energiebehoefte van een enkele bron: Die nektar van

blomme. Hierdeur vertoon die suikerbekkie 'n aantal bykomende en uitsonderlike eienskappe in ontwerp wat die vindingrykheid van ons Skepper deur die ingenieurs-intelligensie van 'n klein voëltjie uitlig.

Vloeistof “greep”

Die tong van die suikerbekkie was byvoorbeeld vir lank 'n raaisel. Baie wetenskaplikes het vir jare lank gedink dat dit nektar deur eenvoudige “haarbuis werking” opsuig, baie soos 'n papierhanddoek wat passief vloeistof deur sy vesels opsuig. Noukeurige studies wat die afgelope jare gedoen is het aan die lig gebring dat dit ver van die waarheid is.

Daar is by nadere ondersoek gevind dat die suikerbekkie se tong 'n ontwerp vertoon wat in geen ander dier gesien word nie. In die teenwoordigheid van vloeistof word die vorm dinamies verander. Indien u al ooit probeer het om water te “gryp”, het u waarskynlik gevind dat dit 'n vergeefse poging is! Tog doen die suikerbekkie se tong presies dit, deur veelvuldige geboë strukture wat outomaties oopmaak wanneer die vloeistof binnegaan en dan aktief sluit om letterlik die versamelde vloeistof te gryp! Die voëltjie trek dan eenvoudig sy tong in sy bek en keel terug, saam met sy vrag suikerbelaaide nektar. Bioloë gaan voort om die verteringssiklus van die voëltjie te bestudeer, met die hoop om dit te verstaan. Dit wil voorkom

of God deur hierdie klein kreatuurtjie nog baie het om vir ons te leer!

Ander geheime oor die suikerbekkie gaan voort om te ontvou namate wetenskaplikes hulle studies aan hierdie wonderlike klein voëltjie wy. In Junie 2016 het die *Proceedings of the National Academy of Sciences* byvoorbeeld 'n studie deur bioloë gepubliseer met die ontdekking dat suikerbekkies visuele inligting anders as ander diere verwerk. Aangesien hulle soos koeëls deur die dig beboste gebiede van die Amerikas vlieg help dit hulle om botsings te vermy.

Selfs in 'n diertjie so klein soos die nederige suikerbekkie is daar steeds nuwe inligting verkrygbaar en nuwe raaisels vir die mensdom om op te los! Elke ontdekking, elke verrassing en elke openbaring van een of ander nuwe struktuur of unieke element van ontwerp openbaar slegs nog 'n voorbeeld van 'n groot en briljante Skepper wat duidelik Sy skepping liefhet en 'n welbehae in Sy handewerk het!

Soos die patriarg Job sy vriende vermaan het: “Maar vra tog vir die diere, dat hulle jou leer; en die voëls van die hemel, dat hulle jou te kenne gee ... Wie weet nie deur al hierdie dinge dat die hand van die HERE dit gemaak het nie?” (Job 12:7, 9).

Ja, die voëls van die lug *kan* ons leer dat “die hand van die HERE dit gemaak het” – selfs daardie voëltjies wat so klein is dat dit in die hand van 'n kind kan pas. **WvM**

Londen roep

Die “Normandiese apokalips [openbaring]”

Deur Simon R. D. Roberts

Byna een duisend jaar gelede het 'n hewige en wreedardige inval die verloop van Britse geskiedenis verander. Dit het gelei tot jare van barbaarse onderwerping en kolonisasie wat deur sommige mense met 'n “apokalips” vergelyk is. William, die Hertog van Normandië, het geglo dat hy die reg tot die Engelse troon het en in 'n poging om daardie troon te verseker het hy “die opening van 'n massiewe verskuiwingslyn in die voortsetting van ons geskiedenis veroorsaak” skryf die geskiedkundige Simon Schama in sy boek *A History of Britain: At the Edge of the World? 3000 v.C. - 1603 n.C.* (bl. 66).

Schama sê ook: “Die Engelse geskiedenis in besonder lyk na die werk van 'n gematigde gemeenskap wat selde deur oproer geskud is. Daar is egter oomblikke wanneer die geskiedenis onstabiel is; wanneer verandering met 'n gewelddadige stormloop aanbreek, beslissend, bloedig en traumaties; soos 'n trokvrug vol probleme, wat alles uitwis wat aan 'n kultuur sy rigting gee – gebruike, taal, die regstelsel en lojaliteit. Die jaar 1066 was een van daardie oomblikke” (Schama, bl. 66).

Indien ons na die agtergrond van die Slag van Hastings kyk, besef ons presies hoe betekenisvol hierdie verskuiwingslyn was en wie uiteindelik daarvoor verantwoordelik was.

'n Betwiste koninkryk

Namate hulle die einde van die eerste millennium n.C. genader het, was Brittanje se bevolking 'n vermenging van verskillende bloedlyne – die onvermydelike resultaat van buitelandse invalle. By die antieke Keltiese stam is Anglo-Saksiese bloed en kultuur gevoeg. Deense Wikings het in 'n groot gebied van Oos-Engeland gewoon, wat as Danelaw bekend was. Noorse Wikings was in die Orkneys, die Shetlands, die Hebrides en in die noordweste van Engeland gevestig. Die Anglo-Saksers was in sentraal en suidelike Engeland woonagtig, met die Kelte in die suidweste van Engeland, Wallis en Skotland.

Met die naderende dood van Edward I en geen erfgenaam in plek nie, was daar verskeie aanspraakmakers op die Engelse troon: Harold Hardrada, die koning van Noorweë; William, die hertog van Normandië en Harold Godwinson, die graaf van Wessex.

Op 5 Januarie 1066 sterf Edward en Harold Godwinson, wat “die man op die regte plek was”, was vinnig as sy opvolger gekroon. William van Normandië het geglo dat die nuwe koning Harold voorheen die Engelse troon onder eed aan hom beloof het. Na Harold se kroningsplegtigheid het hy geen tyd verspil om 'n invalsvloot van meer as 400 skepe te versamel

en om die feodale baronne in sy gebied in Normandië te oorreed om hom te ondersteun in sy poging om die troon te verower nie. Op 'n slim manier het hy die seën van die Rooms-Katolieke Kerk in Rome verkry vir sy kruistog teen Harold wie, in die oë van die pous, oor 'n land van barbare en kwasi-heidene regeer het. Teen 10 Augustus was die vloot gereed om te seil.

Die weer help om geskiedenis te vorm

Aan die ander kant van die Engelse Kanaal het koning Harold 3,000 opgeleide soldate versamel en 10,000 deeltydse troepe wat elke jaar verplig was om vir 40 dae lank die koning te dien. Die suidelike wind wat William nodig gehad het om die kanaal oor te steek, het egter nooit gewaai nie en op 8 September het Harold die deeltydse troepe ontbind. Vier dae later het William van Normandië af weggevaar, maar 'n skielike stormwind het die vloot ooswaarts gedwing en só verhinder dat hulle die kanaal oorsteek.

Gebeure het gou 'n *ander* wending aangeneem. Harold se verbanne broer, Tostig, het Engeland binnegeval saam met 'n bondgenoot, die Noorse koning Harold Hardrada. Op 19 September het 'n vloot van 300 skepe en 10,000 manskappe die plaaslike inwoners naby York in die noordooste van Engeland verslaan. Koning Harold het

noordwaarts opgeruk, sy troepe onderweg versamel en 304 km in vyf dae gemarsjeer. Op 25 September het hy sy broer en die Noorse koning in die Slag van *Stamford Bridge* suksesvol verslaan.

Harold het die volgende dag verneem dat William vanaf Frankryk geseil en aan die suidelike kus by Pevensey aan wal gegaan het. Omdat daar geen georganiseerde Engelse leërmag was om hulle af te weer nie, het Harold weer terug suidwaarts gemarsjeer. Hy kon suid van Londen stop en moontlik die voorsprong behou het en daardeur Willem se noordwaartse opmars vanaf die kus onderdruk, maar hy het nie.

Die Slag van Hastings het op Saterdag 14 Oktober 1066 tussen die ewe sterk Normandiese en Anglo-Saksiese magte plaasgevind en het die grootste deel van die dag geduur. Op 'n belangrike punt in die geveg het die Normandiërs 'n skyn aftog geblaas en daardeur veroorsaak dat die Saksiese "muur van skilde" verbreek word toe hulle agtervolg is, daardeur is swak punte in die Saksiese verdedigingslinie ontbloot. Harold se broers het gesterf en Harold self is noodlottig deur 'n pyl in sy oog getref.

Brittanje permanent verander

William die Veroweraar, soos hy bekend geraak het, is op 25 Desember 1066 in die Westminster Abdy gekroon. Die Anglo-Saksiese regeringsklas is deur Normandiese, Franssprekende oorwinnaars vervang wat 'n blywende impak op Brittanje gelaat het. In 1085 het William opdrag gegee dat 'n

volledige inventaris van die koninkryk gedoen word, graafskap vir graafskap. Hierdie inventaris – die berugte Oordeelsdag-boek [*Domesday Book*] – het hom van inligting voorsien om te dwing, te beboet en te konfiskeer soos hy wou. Hierdie kennis was werklik insiggewend. Normandiese oorheersing het beteken dat die hele land aan William behoort het. Hy het die land beheer en daarvan as geskenke gegee aan wie hy wou. Die regerende klasse moes deur 'n eed van getrouheid en lojaliteit aan William eer betoon. William het kort daarna gesterf terwyl hy op die vasteland teen die Franse geveg het, maar die Engelse nasie is vir ewig verander.

Gereelde lesers van die *Wêreld van Môre* sal onthou dat die *geboortereg-beloftes* van nasionale grootheid aan Josef se nageslag gegee is (1 Kronieke 5:1-2; Génesis 49:22-26). Sy jongste seun, Efraim sou 'n groot menigte van nasies word (Génesis 35:10-11) – die moderne nasie van Brittanje vervul hierdie belofte. Brittanje, in ooreenstemming met die antieke Israelitiese stam van Efraim, het tot 'n indrukwekkende nasionale moondheid ontwikkel, saam met die volke van haar ryk wat in ongeveer 1800 begin het. Dit is van kardinale belang dat hierdie beloftes nie aan ander moderne lande soos Denemarke, Noorweë of Frankryk gegee is nie; hulle is nasate van die ander stamme van antieke Israel. Die geskiedkundige gebeure met die Slag van Hastings bewys 'n *noodsaaklike stap* in die samestelling te wees van die

nasie, sy kultuur en sy wette ter voorbereiding van sy uiteindelijke profetiese rol eeue later, as 'n verenigde mag in wêreldsake. (Vra gerus ons gratis boekie aan, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*, vir meer besonderhede oor Brittanje se plek in Bybelse profesie.)

Die tydsberekening van die gebeure vir die uitslag van die Slag van Hastings was van kritieke belang. Indien ons erken dat "die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens" (Daniël 4:17; 5:21) en dat Hy die geskiedenis beheer, kan ons begrip hê vir Sy hand in die tydsberekening wanneer Hy die uitkoms van elemente buite menslike beheer bepaal. God as die skepper van die aarde, beheer byvoorbeeld die weer (Jesaja 29:6; 2 Kronieke 6:26, 27). Die weer het 'n belangrike rol in die vertraging van die inval van Koning William se vloot gespeel, totdat Harold se magte uitgeput was deur die vinnige opmars noord na *Stamford Bridge* en toe weer suid om teen William te veg. Gebeure sou heeltal anders verloop het indien William twee maande vroeër in Engeland aangekom het. (Ons boekie, *Wie beheer die weer?* verduidelik in meer besonderhede hoe en waarom God *natuurlike* weersomstandighede gebruik om Sy groot doel te bereik.)

Die "Normandiese Apokalips" wat die gevolg van die Slag van Hastings was, was 'n belangrike oomblik wat die geskiedenis na God se doel gelei het, die vervulling van die profesieë en Sy nasionale beloftes aan Abraham. **WYJ**

Vrae & Antwoorde

Kan 'n Christen 'n buite-liggaamlike ervaring hê?

VRAAG: Sommige mense glo dat 'n mens se siel of gees van die liggaam kan skei en na ver plekke buite die bereik van die liggaam kan reis. Dit is nie net 'n “New Age” of “Oosterse godsdiens” idee nie; selfs mense wat hulleself Christene noem glo in “astrale projeksie” of “buite-liggaamlike ervarings”. Leer die Bybel ons in 2 Korinthiërs 12:2-4 dat 'n mens se siel of gees buite die liggaam kan funksioneer?

ANTWOORD: Baie mense het al stories van 'n “buite-liggaamlike ervaring” tydens 'n operasie of die beoefening van “astrale projeksie” vertel (waarin die siel vermoedelik na ver plekke reis, terwyl die liggaam agter bly). Het die apostel Paulus 'n soortgelyke ervaring beskryf? Die antwoord mag u heel moontlik verras!

In 2 Korinthiërs 12:2-4, soos in die vorige twee hoofstukke, beskryf Paulus sy eie wedervaringe as 'n leraar van die ware Evangelie. Hy skryf: “Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede – of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit – dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel. En ek weet van so 'n man – of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit – dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie.”

Dit is belangrik om daarop te let dat Paulus in die vorige vers (vers 1), verduidelik dat hy by “gesigte en openbaringe” van die Here sal kom. Die woord wat as “gesigte” vertaal is, is die Griekse woord *optasia* en dit beteken “'n gesig of visioen wat aan iemand gegee is of hy slaap of wakker is”. Die woord wat as “openbaringe” vertaal is, is die Griekse woord *apokalupsis* en beteken “iets openbaar, die blootstelling van 'n waarheid, instruksie aangaande dinge wat voorheen onbekend was”. In hierdie verse erken Paulus dat hy nie van fisiese ervarings praat nie.

Het Paulus dan 'n buite-liggaamlike ervaring beskryf? Hy sê aan ons dat sy fisiese ervaring so intens was dat hy nie kon sê of dit 'n blote visioen in sy gedagtes was en of hy werklik na die hemel geneem is nie. Hoewel Paulus gewoonweg oor visioene praat aan die begin van 2 Korintiërs 12, het hierdie spesifieke visioen so werklik gevoel dat hy nie in staat was om te verduidelik wat gebeur het nie, behalwe dat hy gevoel het asof hy “buite die liggaam” was. Paulus het nie sy eie gevolgtrekking gemaak nie, tog sê hy twee keer duidelik dat “God [nie Paulus nie] weet” wat die aard van sy geestelike visioen van die Paradys was. Diegene

wat wil beweer dat die Bybel uitdruklik bevestig het dat Paulus 'n “buite-liggaamlike ervaring” gehad het is baie meer aanmatigend as wat Paulus self was.

Nog 'n soortgelyke gedeelte mag ons dalk help om Paulus se bewoording in sy behoorlike konteks te verstaan. Hy skryf aan die Kolossense: “Want al is ek ook na die vlees afwesig, tog is ek by julle in die gees” (Kolossense 2:5). Het Paulus aan die Kolossense gesê dat hy sy liggaam verlaat het om by hulle te wees? Natuurlik nie!

Die Skrif help ons om gedeeltelik te verstaan wat Paulus se visioen nié was nie. Die apostel Johannes haal Jesus se woorde aan: “En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is” (Johannes 3:13). Hoewel Jesus daardie woorde voor Sy opstanding gespreek het, het die apostel Petrus later bevestig dat dit selfs ná Sy opstanding waar sal bly en het ook na die graf van koning Dawid verwys as 'n voorbeeld van die uniekheid van Jesus se hemelvaart (Handelinge 2:29, 34). In plaas daarvan het Paulus 'n gesig [visioen] ervaar, soortgelyk aan die gesig [visioen] wat in Matthéus 17:1-9 aangehaal word. In daardie gedeelte is die woord wat Jesus vir “gesig [visioen]” gebruik *horama* – 'n gesig wat goddelik toegestaan is in 'n toestand van ekstase of in 'n slaap. Onthou: Toe die dissipels hierdie ervaring gehad het, het nóg Moses nóg Elia na die hemel opgevaar. Net soos Paulus se ervaring, was dit duidelik 'n visioen, nie 'n mistieke besoek van twee gestorwe persone nie!

Daarom, net soos Petrus, Jakobus en Johannes nie werklik na die hemel opgevaar het tydens hulle visioen van die verheerlikte Jesus saam met Moses en Elia nie, kan ons verstaan dat Paulus nie na die hemel opgevaar het nie. Net so kan mense vandag voel dat hulle 'n “buite-liggaamlike ervaring” gehad het wat vir hulle werklik gelyk het, maar die Bybel openbaar dat hulle verkeerd is. **WvM**

Keerpunte in

Die koms van Jesus Christus

Op lyste van groot leiers wat die verloop van geskiedenis beïnvloed, verskyn gewoonlik name soos Hammurabi, Plato, Alexander die Grote, Julius Caesar, koningin Victoria en George Washington. Dit is verbasend, maar Jesus Christus word selde deur moderne, sekulêre geskiedkundiges in hierdie kategorie geplaas. As gevolg van hierdie weglating of slegs beperkte verwysings, het miljoene mense geen idee van die geweldige impak wat Jesus Christus op die mens se geskiedenis gemaak het nie. Wanneer die gordyn van stilte egter teruggetrek word, word die geskiedkundige invloed van Jesus onmiskenbaar bewys.

'n Wêreldwye impak

Skeptici beweer dat Jesus net 'n rondreisende plaaslike prediker was wat die stowwerige paaie van Judea in 'n konflikgebied van die Romeinse Ryk bewandel het. Geleerdes wat Jesus se invloed bestudeer kom egter tot baie ander gevolgtrekkings. Die gerespekteerde geskiedkundige van die Christendom, dr. Jaroslav Pelikan, merk in sy boek *Jesus Through the Centuries* op dat die vroeë "kerkvader" Tertullianus, wat in ongeveer 200 n.C. geskryf het, na "die kulturele betekenis van Jesus verwys as *die spil waarom die geskiedenis gedraai het*" (bl.

26, klem bygevoeg). Pelikan merk ook op dat die geskrifte van Eusebius – wie soms die "Vader van Kerkgeskiedenis" genoem is, duidelik toon dat die bekende geskiedkundige 1,700 jaar gelede geglo het dat "die beslissende gebeurtenis in die geskiedenis wat hy beskryf het ... tydens Jesus Christus se leeftyd plaasgevind het ... [Eusebius] het 'n geskiedkundige relaas geskryf waarvan die keerpunt tydens die 'heerskappy van Augustus' was, toe Jesus Christus gebore is" (*ibid*, bl. 31).

Michael Hart, die skrywer van 'n boek wat *die heel invloedrykste persone* in die geskiedenis in rangorde plaas, beweer: "Jesus se impak op die mens se geskiedenis is so voor die hand liggend en enorm, dat min mense sy plasing na aan die bopunt van die lys sal bevraagteken" en wys daarop dat die grootste godsdienst in die wêreld beweer dat Jesus Christus die stigter daarvan is (*The 100*, bl. 47). Dr. Pelikan kom tot 'n soortgelyke gevolgtrekking en gee hierdie omvattende beraming: "Jesus van Nasaret was vir byna twintig eeue die *dominante persoon* in die geskiedenis van die Westerse kultuur ... Dit is van sy geboorte af dat die grootste gedeelte van die menslike ras hulle kalenders dateer ... Europa se ware

kalender wat toe die kalender vir die grootste gedeelte van die moderne wêreld geword het, het ontwikkel ter erkenning van hierdie siening van die betekenis van die persoon van Jesus as die draaipunt in die geskiedenis" (Pelikan, bl. 1, 32).

Dr. William Phelps, 'n professor in Engelse letterkunde aan die Yale Universiteit, het gesê dat die leerstellings van Jesus Christus (*Reading the Bible*, bl. 59) "die geskiedenis van die wêreld verander het". Die navorsingsgeleerde, Kenneth Samples, kom tot die gevolgtrekking dat die leerstellings van Jesus Christus "die grondslag gelê het vir die meeste van die morele teorie wat regdeur die Westerse beskawing aangeneem is" en dat Jesus Christus "die grootste impak op die mens se geskiedenis in terme van morele deugde gehad het" (*7 Truths that Changed the World*, bl. 67). Dr. Alvin Schmidt, 'n professor in sosiologie, het opgemerk dat sonder die invloed van Jesus Christus, "die Weste nie sy hoë vlak van beskawing sou bereik het nie" (*How Christianity Changed the World*, Schmidt, bl. 12).

Hierdie is buitengewone waarnemings. *Waarom* het Jesus dan so 'n kragtige uitwerking op die verloop van die mens se geskiedenis gehad?

wêreldgeskiedenis

Geen gewone mens nie

Sommige moderne kritici beweer dat Jesus Christus nooit werklik bestaan het nie en dat Hy 'n denkbeeldige karakter was wat deur die hergebruik van mites oor heidense gode soos Horus, Osiris, Tammuz en Adonis geskep is. Hierdie bewerings ignoreer egter die feite van die geskiedenis en die onoordeelkundige ooreenkomste hou nie water wanneer oorspronklike bronne ondersoek word nie. In plaas daarvan tree Jesus as 'n *werklike geskiedkundige persoon* van Bybelse sowel as nie-Bybelse skrywers na vore. Flavius Josephus, 'n Joodse geskiedkundige, wat in ongeveer 90 n.C. geskryf het, noem Jesus 'n wonderwerker, wat deur Pontius Pilatus gekruisig is en na die lewe teruggekeer het deur opstanding uit die dood (*Antiquities*, 18;4). Tacitus, 'n Romeinse senator en geskiedkundige wat net ná 100 n.C. skryf, maak ook melding van Jesus Christus. Hy meld dat Pilatus Hom gekruisig het asook van die vinnige groei van die Godsdiens wat na Hom vernoem is (*Annals*, 15,44). Bybelse skrywers verwys na dosyne profesieë wat eeue tevore geskryf is en deur die koms van Jesus Christus vervul is. Dit is interessant om daarop te let dat daar *geen profesieë* oor die koms van Boeddha, Confucius of Mohammed is nie.

Moderne kritiese geleerdes beweer dat die wonderwerke wat aan Jesus toegeskryf word nie gebeur het nie, aangesien hulle persoonlik nie vandag wonderwerke sien gebeur nie – dus *aanvaar* hulle dat wonderwerke nie kan plaasvind nie. Sulke aannames misken egter die feit dat Jesus se wonderwerke, met inbegrip van Sy opstanding en die opstanding van ander mense, deur baie mense *aanskou* en bevestig is (Handelinge 2:22, 32; 1 Korintiërs 15:1-8). Selfs nie-Bybelse skrywers soos Josephus het daarop kommentaar gelewer.

Die mees unieke eienskap wat Jesus van ander geskiedkundige godsdienstige figure onderskei is dat Hy daarop aanspraak maak het om *heilig* te wees (Johannes 10:30-33), die Seun van God is asook die lank beloofde Messias (Matthéüs 26:63-64) – aansprake wat herhaaldelik deur Sy dissipels bevestig is (bv. Matthéüs 16:16). Hierdie moedige aansprake het die toorn en vyandigheid van godsdienstige owerhede in Sy dag laat ontstaan en hulle laat saamsweer om Hom dood te maak (Johannes 11:47-53). Die Skrif stel dit egter duidelik: "... die Woord [Jesus Christus] was God ... En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon" (Johannes 1:1, 14). Geleerdes merk op: "Van al die wêreldgodsdienste,

maak *net* Christenskap daarop aanspraak dat God as 'n mens verpersoonlik is. Van al die stigters van die wêreld se groot godsdienstige tradisies, beweer *net* Jesus Christus dat hy God is" (*7 Truths that Changed the World*, bl. 61). As God het Hy siektes genees en sondes vergewe (Markus 2:1-12). Hy het dooies opgewek (Markus 5:35-42; Johannes 11:41-44) en uit die graf opgestaan, drie dae nadat Hy gesterf het – net soos Hy voorspel het Hy sou doen (Markus 8:31). Geen ander godsdienstige leier het ooit sulke verstommende aansprake gemaak wat daarna deur konkrete bewyse gerugsteun is nie. Boeddha, Confucius, Zoroaster en Mohammed was duidelik menslik. Jesus Christus het duidelik *met unieke goddelike gesag opgetree*. Dit alleen is verantwoordelik vir Sy onvergelykbare invloed op wêreldgeskiedenis.

'n Toekomstige keerpunt

Jesus se boodskap – die Evangelie van 'n toekomstige Koninkryk van God (Markus 1:14-15), die geleentheid om die ewige lewe te verkry (Johannes 3:16) en om saam met Jesus Christus vir 1,000 jaar, of 'n *millennium*, op die aarde te heers, (Openbaring 1:5-6; 20:2-4), het Sy dissipels geïnspireer en gemotiveer. Die bekende geskiedkundige Edward Gibbon

skryf hoe “die versekering van so 'n Millennium sorgvuldig deur vroeë kerkleiers ingeskerp is” en vir 'n paar eeue “die heersende sentiment onder ortodokse gelowiges” was. Dit was 'n belangrike faktor in die groei van die Christelike geloof totdat dit deur misleide teoloë weggeredeneer en eenkant toe geskuif is (*The Decline and Fall*

of the Roman Empire, hoofstuk 15). Dieselfde Jesus wat 'n belangrike keerpunt in die mens se geskiedenis met Sy eerste koms ontketen het, het *beloof om weerte kom* (Johannes 14:1-3) en 'n wêreldregering aan die einde van hierdie tydperk te vestig (Jesaja 2:2-4) wat vrede en geregtigheid aan alle mense op aarde sal bring (Jesaja 9:6-

7). Jesus Christus raai Sy eindtydse dissipels aan om te “waak” en “gereed te wees” vir *nog 'n groot keerpunt* in die geskiedenis tydens Sy *Wederkoms*. Vandag sien ons dat wêreldgebeure in daardie rigting beweeg!

—*Douglas S. Winnail*

Vervolg vanaf bladsy 16 – Die einde van die wêreld?

nasies die Weg na vrede leer. 'n Wêreldwye **heropvoedings-program** sal 'n ommekeer in internasionale verhoudings ten goede verander. Gelukkig, soos generaal MacArthur besef het dit nodig sal wees, sal daar 'n “geestelike oplewing” of geestelike vernuwung regoor die wêreld wees. Let op na hierdie inspirerende profesie: “En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van

die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspraak vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Miga 4:2-3).

Dank God dat 'n nuwe wêreld en 'n nuwe era gedurende hierdie geslag sal kom! Bid soos Jesus ons beveel het: “... laat U koninkryk kom” (Matthéus 6:10). Dit is nodig dat ons met geloof vir die toekoms voorberei. Bestudeer u Bybel elke dag! Wend u in gebed na God. Sien uit na God se toekomstige Koninkryk en die nuwe era wat sal kom – die wêreld van môre! **WVW**

Vervolg vanaf bladsy 14 – Vakansiedae of gruwelike dae?

Op die allerminste lyk dit asof daar 'n verleidelike parallel kan wees en moontlik is daar selfs 'n direkte verband.

Verwerp heidense tradisies

Terwyl God die Israeliete voorberei het om die Beloofde Land binne te gaan, het Hy hulle spesifieke en kragtige opdragte gegee om nie te probeer om Hom deur die beoefening van die “tradisies” van die nasies rondom hulle te eer nie. Hulle moes nie die vieringe van nasies navolg nie. Hulle moes sulke gebruikte verwerp en in plaas daarvan God se bevel en opdragte getrou navolg.

Moses het die Israeliete

beveel: “As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdolg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie” (Deuteronomium 12:29-31).

Vandag roep God die Christene om Hom op die manier wat Hy verkies het te gehoorsaam en te aanbid, nie om mensgemaakte valse

tradisies na te volg nie. Indien Jesus Christus u na Hom geroep het om Sy Waarheid te verstaan, roep Hy u uit die wêreld uit. In die laaste ure van Sy lewe het Christus gebid dat Sy dissipels nie van die wêreld sou wees nie, selfs al het hulle in die wêreld geleef: “Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar. Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie” (Johannes 17:15-16).

Mag God aan u die begrip en onderskeidingsvermoë skenk om uit die wêreld te kom, Hom geheel en al na te volg en die feeste van die ontslapenes te verwerp! **WVW**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

die ander verskriklike “maatskaplike probleme” wees wat ons ervaar nie. Die meeste van u besef dit. Vir die meeste mense lyk dit of die ware God van die Bybel “ver weg” is. Daar is “geen vrees vir God” nie. Die belydende Christelike leraars het hopeloos **gefaal** om God 'n “werklikheid” vir mense te maak. Hulle het *nagelaat* om Sy Wette en Sy lewenswyse te onderrig, selfs terwyl daardie leraars nog kragtige instrumente was om die opvoedkundige en maatskaplike norm van al ons nasies te wees.

Ons het dus nou 'n verwarde, misleide *liberale media* wat feitlik die “standaarde” stel van hoe ons behoort op te tree. Hierdie Hollywood-tipe mense is eenvoudig net daarmee gemeoid om te *vermaak* en *geld te maak*. Die meeste van hulle stel *hoegenaamd nie daarin belang* of die gemeenskap werklik baat sal vind by hulle “liberale” idees of nie. Dit is tyd vir Amerika, Brittanje en Kanada [asook Suid-Afrika] om **wakker te word**. Dit is tyd dat ons die werklike **oorsaak** van byna al ons maatskaplike probleme te wete kom: Die konstante geringskatting en *verbreking* van die Wette van God. Die Wette van God is soos die wet van swaartekrag. U hoef nie in te gryp om dit te “laat werk” nie. Die wet van swaartekrag werk outomaties of mens daarin glo of nie. Almal van ons behoort te besef dat God se **geestelike Wet**, die Tien Gebooie, op dieselfde manier werk. God se Wette is **werklik** en hulle sal die uiteindelijke *oplossing* op die mensdom se probleme wees, **indien** hulle waarlik aangeleer en gehoorsaam word.

Amerika by 'n keerpunt

Ek hoop dat almal in die Verenigde State – sowel as in Kanada, Brittanje, Australië [asook Suid-Afrika] en die ander Engelssprekende nasies – bereid sal wees om met 'n oop gemoed na te dink oor wat die Skepper aan ons voorvaders gesê het. Trouens, *alle* nasies behoort op Sy woorde ag te slaan. God het dit profeties en kragtig gestel: “As jy dan goed luister

na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. En al hierdie **seëninge** sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God. Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die veld” (Deuteronómium 28:1-3). Later het God gewaarsku: “Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie **vloeke** oor jou kom en jou inhaal. Vervloek sal jy wees in die stad, en vervloek sal jy wees in die veld ... Die HERE sal teen jou stuur die vervloeking, die verwarring en die bedreiging in alles waar jy jou hand aan slaan, wat jy moet doen; totdat jy verdelg is en totdat jy gou tot niet gaan vanweë die boosheid van jou handeling, dat jy My verlaat het” (verse 15-20).

Eerlikwaar, ons voorheen belydende “Christelike” nasies is by die belangrikste **keerpunt** in hulle hele geskiedenis! Ons wend ons óf na die weë van God en wees gewillig om die geïnspireerde Wette en insettinge van God te **gehoorsaam** – óf hierdie verskriklike **vloeke** sal oor ons kom en ons sal vervloek wees en **u** sal vervloek wees “in alles waar jy jou hand aan slaan, wat jy moet doen, totdat jy verdelg is en totdat jy gou tot niet gaan” (vers 20).

Die nasionale *verwarring*, chaos en algehele **verwoesting** wat in hierdie verse geprofeteer is, is reeds besig om stuk vir stuk, teen 'n stadige maar steeds toenemende tempo plaas te vind. My vriende, mag God **u** help om te verstaan en op te tree voordat dit te laat is! Indien u werklik God se *beskerming* en **seën** wil ondervind in die maande en jare wat voorlê asook God se **seën** en **leiding** verlang, skakel of skryf onmiddellik aan ons en bestel u **gratis** eksemplaar van die boekie met die titel, *Die Tien Gebooie*. Maak ook seker dat u die insiggewende boekie *Hervestig die oorspronklike Christenskap*, aanvra. Dit sal u

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

help om die agtergrond van die probleem te
 verstaan.

U het hierdie boekies **nodig**. Dit is **nodig** dat
 u verstaan. Dit is nodig – ter wille van u eie
 veiligheid en die veiligheid en vir **seëninge** vir u
 hele gesin – om God te begin “soek” soos nog

nooit tevore nie! Mag God u help om nou **die**
daad by die woord te voeg, voordat dit te laat is.



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie
 insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met
 nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**